

# Oordenking van die Lewe van die Gees



Ruhi-Instituut





Boek 1

# Oordenking van die Lewe van die Gees

Ruhi-Instituut
Boek 1

Boeke in die Reeks

Onder is die huidige titels in die reeks wat deur die Ruhi Instituut ontwerp is. Die boeke is bedoel om gebruik te word as hoofreeks in 'n stelselmatige poging om die vermoë van jeugdiges en volwassenes te verhoog om hulle gemeenskappe te dien. Die Ruhi Instituut ontwikkel ook 'n stel kursusse wat aftak van die derde boek in die reeks vir die opleiding van onderwysers van Bahá'í kinderklasse, sowel as nog 'n stel van Boek 5 om animeerders van juniorjeuggroepe op te lei. Hierdie word ook in onderstaande lys aangedui. Daar behoort opgelet te word dat die lysie veranderings sal ondergaan namate ondervinding in die veld vorder, en nuwe titels sal bygevoeg word namate 'n toenemende aantal kurrikulumelemente aan die ontwikkel, die stadium bereik waarin dit wyd beskikbaar gestel kan word.

Boek 1 *Oordenking van die Lewe van die Gees*

Boek 2 *Aan die Opstaan tot Diens*

Boek 3 *Die Onderrig van Kinderklasse Graad 1* (voorpublikasie uitgawe)

*Die Onderrig van Kinderklasse Graad 2* (takkursus, in voorpublikasie-vorm)

*Die Onderrig van Kinderklasse Graad 3* (takkursus, in voorpublikasie-vorm)

*Die Onderrig van Kinderklasse Graad 4* (takkursus, in voorpublikasie-vorm)

Boek 4 *Die Tweeling-Manifestasies*

Boek 5 *Ontsluit die Kragte van Junior Jeug*

Boek 6 *Onderrig van die Saak*

Boek 7 *Stap saam op 'n Pad van Diens*

Boek 8 *Die Verbond van Bahá'u'lláh* (voorpublikasie uitgawe)

Boek 9 *Gaining an Historical Perspective*

Boek 10 *Building Vibrant Communities*

Boek 11 *Material Means*

Boek 12 (forthcoming)

Boek 13 *Engaging in Social Action*

Kopiereg © 1987, 1994, 2007, 2020 deur die Ruhi Stigting, Colombia
Alle regte voorbehou. Uitgawe 1.1.1.PE gepubliseer September 1994
Uitgawe 4.1.2.PE Mei 2020

Ruhi Instituut
Cali, Colombia
E-pos: instituto@ruhi.org
Webtuiste: www.ruhi.org

Afrikaans translation June 2020 of
Ruhi Institute Book 1 version 4.1.2
Copyright © 1987, 1994, 1999, 2007, 2020 by the
Ruhi Foundation, Colombia
All rights reserved.

# Inhoud


’n Paar Gedagtes vir die Studieleier v

Hoe om die Bahá’í Geskrifte te Verstaan 1

Gebed 13

Die Lewe en die Dood 27

## ’N PAAR GEDAGTES VIR DIE STUDIELEIER

Die aantal plekke waarop Oordenking van die Lewe van die Gees, die eerste boek van die hoofreeks kursusse wat deur die Ruhi instituut aangebied word, die wêreld oor heen bestudeer word, is al baie jare aan die styg. In die oorgrote meerderheid gevalle, word die materiaal gelees en bespreek deur ’n groep vriende, wat ’n studiekring mag saamstel wat gereeld bymekaarkom, mag byeenkom in ’n veldtog wat gereël is vir intensiewe studie, of in ’n kamp tydens skoolvakansie mag saamtrek. Ongeag die geleentheid, neem een deelnemer waar as studieleier. Die verhouding tussen die studieleier en die ander deelnemers is nie een van onderwyser-tot-student nie; almal is bewustelik betrokke by ’n proses waarin almal probeer leer. Maar die studieleier is ook nie ’n onthegte en passiewe fasiliteerder van bespreking nie. Hy of sy, wat ’n voldoende aantal kursusse in die reeks voltooi en die dade van diens wat dit aanmoedig onderneem het, is in staat om elke lid van die groep te help om die doel van die materiaal wat bestudeer word, te bereik. Dié wat as studieleier van Boek 1 waarneem mag dit behulpsaam vind om die idees wat in hierdie inleiding aangebied word, van tyd tot tyd te hersien.

Deelnemers oor die wêreld heen kom na hierdie eerste kursus uit verskeie agtergronde. Sommiges is reeds lede van die Bahá’í gemeenskap wat hoop om hulle vermoë te verhoog om die Saak wat hulle omhels het te dien. Ander beskou die kursus as die begin van hulle ondersoek van die Bahá’í Geloof as godsdiens. Nog ander is deur Bahá’í ideale aangetrek en wil hulle op die hoogte stel van die gemeenskap se doelwitte en strewes. En daar is ’n toenemende aantal jong mense in die besonder wat hulle vermoë wil ontwikkel om die samelewing te dien, dikwels deur middel van een of ander program wat die Bahá’í gemeenskap bevorder, en die kursus as eerste stap volg.

Dit behoort uit die staanspoor duidelik vir elke deelnemer te wees dat die kursusse van die Ruhi Instituut ’n pad van diens aan die mensdom uitstippel wat ons elk met ons eie pas bewandel, al helpende en bygestaan deur ander. Die bewandeling van hierdie pad impliseer die nastrewing van ’n tweeledige sedelike doel: om om te sien na jou eie geestelike en intellektuele groei en om by te dra tot die transformasie van die samelewing. Vordering langs die pad bring die ontwikkeling van ’n aantal vermoëns mee wat begrip en kennis, geestelike eienskappe en lofwaardige houdings, sowel as ’n duisternis aanlêe en vaardighede vereis. Die bronne van kennis waaruit al die boeke van die Instituut put, is aan die een kant die leringe van die Bahá’í Geloof, en aan die ander, die ophopende ervaring van die wêreldwye Bahá’í gemeenskap by die bevordering van materiële en geestelike beskawing. Dit is Bahá’u’lláh se visie van die individu wat ons kan word en van die beskawing wat ons kan bou, wat die Instituut inspireer. Dit word aangeneem dat alle deelnemers, ongeag die agtergrond, vatbaar is om hierdie visie te omhels, wat in elke eenheid van elke boek uitdruklik is.

In ’n wêreld waar belydenisse en ideologieë bereid is om alle moontlike middels aan te wend om aanhangers te verwerf, mag iemand wat nie bekend is met die Geloof opregte vrae hê oor die bedoelings van die Ruhi Instituut, vernaamlik, ‘Word ek gevra om my geloof te verander?’ of ‘Word ek gevra om my by ’n geloof aan te sluit?’. Sulke vrae bied aan die studieleier die kans om die doel van die reeks kursusse wat bo geskets is te verduidelik. Terwyl dit natuurlik is dat Bahá’ís gretig sou wees om te sien dat hulle vriende hulle by die gemeenskap aansluit, mag ’n studieleier wil byvoeg dat hulle eie leringe hulle belet om betrokke te raak by bekeerdery. Die bewandeling van ’n pad van diens wat deur die instituut-kursusse oopgestel is, vra ’n steeds dieper begrip van Bahá’u’lláh se leringe, soos wat die materiale probeer om ondubbelsinnig uiteen te sit; aanvaarding en geloof is sake wat deur elke individu vrylik en sonder druk oorweeg moet word.

Geen wonder dan, is dit dat die eerste boek met die vraag van begrip, so sentraal aan al die boeke in die reeks begin. Om te lees uit die Heilige Geskrifte is nie dieselfde as om die duisende bladsye te lees wat 'n mens in 'n leeftyd lees nie, en die eenheid 'Hoe om die Bahá'í Geskrifte te Verstaan' streef daarna om die gewoonte te kweek om passasies elke dag uit die Heilig Teks te lees en oor die betekenis daarvan na te dink, 'n gewoonte wat deelnemers in hoë mate sal help as hulle hulle in die pad van diens begewe. Om hulle in die studie hiervan te lei, moet die studieleier baie oor die onderwerp van begrip nadink.

Die Bahá'í Geskrifte bevat sekere diep geestelike waarhede, en selfs as ons probeer om in ons begrip van hulle betekenis te vorder, weet ons dat ons nooit 'n bepaalde einde sal bereik nie. Ons doen 'n basiese begrip van die direkte betekenis van 'n passasie op wanneer ons dit die eerste keer lees, en Afdeling 1 van die eenheid beskou dit as aanvangspunt. Dus, nadat die aanhaling 'Die verbetering van die wêreld kan tot stand gebring word deur middel van rein en goeie dade, deur prysenswaardige en betaamlike gedrag', word deelnemers bloot gevra, 'Hoe kan die beterskap van die wêreld tot stand gebring word?' Met een oogopslag is die meeste van die vrae en antwoorde van hierdie aard oënskynlik te eenvoudig. Maar jare van ondervinding regverdig blykbaar die besluit van die Instituut om só te begin. Ons moet almal daaraan herinner word dat die verstand, in sy haas om die lae van waarheid in 'n passasie te vind, behoort nie die vanselfsprekende betekenis oor die hoof te sien nie. Dit blyk dat aandag aan hierdie eerste vlak van begrip onontbeerlik is vir groepsberaadslaging; dit versterk eendrag van gedagtes, geredelik bereikbaar wanneer persoonlike menings toegelaat word om deur Goddelike wysheid belig te word.

Dit is belangrik om hier op te let dat die begrip van die direkte betekenis van die meeste passasies nie bevoordeel word deur 'n lang bespreking van enkele woorde buite verband nie. Klaar gesê, dit mag af en toe nodig wees dat 'n groep 'n woord in die woordeboek opsoek. Dit mag egter meer vrugbaar wees as die deelnemers leer hoe om die betekenisse van woorde af te lei uit hele sinne en paragrawe.

Om begrip te laat uitbrei buite die gebied van direkte betekenis, kan voorbeelde wat toon hoe idees konkrete uitdrukking vind, nuttig wees. Al wat in dié opsig gevra is, is eenvoudige oefeninge. In Afdeling 2 word deelnemers byvoorbeeld gevra om vas te stel, met die oog op 'n passasie wat hulle pas gelees het, of sekere karaktertrekke lofwaardig is. In 'n soortgelyke oefening in Afdeling 4 word hulle aangemoedig om vyf deugde te noem en dan te besluit of dit moontlik is om enige daarvan te verkry by afwesigheid van waarheidsliefde – wat in die Geskrifte beskryf is as 'die fondament van alle deugde'.

Om die doel daarvan te bereik, verg die eenheid verdere vordering in begrip deur deelnemers uit te daag om te dink oor sommige van die passasies wat aangebied is. In Afdeling 2, word hulle gevra om te bepaal of die stelling 'Daar is so min goeie mense in die wêreld dat hulle dade geen uitwerking het nie' waar is. Hier is die bedoeling nie om 'n blote opinie uit hulle te kry nie. Die studieleier moet stilstaan en deelnemers uitvra oor die rede vir hulle antwoorde. Dat die stelling noodwendig vals moet wees omdat dit die eerste aanhaling in die vorige afdeling weerspreek, is die gevolgtrekking waartoe die groep behoort te kom. Die vraag of Bahá'ís hulle sondes aan ander mag bely is ook 'n voorbeeld van hierdie soort oefening. Dit verwys na die verbod in die leringe op belydenis as middel tot vergifnis van sondes, wat nie uitdruklik genoem is in enige van die passasies wat bestudeer is nie maar uitgekry kan word deur die betekenis van die vers '**Gee uself elke dag rekening van u dade, aleer u tot verantwoording geroep word**' te ondersoek.

Die oefeninge in die eenheid probeer hoegenaamd nie om die omvang van betekenis te omvat wat in die passasies onder oorweging bewaar is nie. Een vraag wat elke studieleier moet bepeins is hoeveel bespreking op enige gegewe oefening bestee moet word. Hier is dit belangrik om in gedagte te hou dat die uitrek van oorwegings deur talle verwante maar randkonsepte in te voer neig om die doeltreffendheid van die materiaal te verminder. Elke groep moet 'n redelike ritme van vordering vestig; deelnemers behoort 'n bepaalde gevoel hê dat hulle teen 'n bestendige pas vorder volgens hulle eie moontlikhede. Die studieleier moet egter aandagtig bly, sodat afdelings nie vinnig en oppervlakkig bekyk word sonder die diepsinnige ontleding van oefeninge nie; groepe wat op hierdie manier voortgegaan het, en bloot antwoorde invul, het nooit blywende resultate verkry nie.

Een slotpunt verdien genoem te word: Die verantwoordelikheid val op die studieleier om te verseker dat elke lid van die groep betrokke bly by die leerproses wat deur die materiaal gekoester word. Om deelname op te wek sonder om druk op enige individu uit te oefen is dikwels die uitdaging. 'n Mens behoort uit die staanspoor te besef dat hy hierdie uitdaging weinig die hoof kan bied deur vrae soos 'Wat beteken dit vir jou?' te stel. Vrae van hierdie aard neig om kennis en waarheid te verminder tot die vlak van opinie. En dit word dan moeilik om 'n atmosfeer te skep waarin beraadslaging onder die lede van die groep eintlik tot vermeerderde begrip lei.

Die tweede eenheid van die boek gaan, soos die eerste, oor 'n gewoonte wat onontbeerlik is vir die geestelike lewe: gereelde gebed. Dit maak in die openingsafdeling die konsep van 'pad van diens' uitdruklik, en stel voor dat ons met 'n tweeledige doel vervul moet wees om hierdie pad te bewandel. Deelnemers ondersoek 'n stel aanhalings wat insig aanbied in die aard van hierdie doel, 'n tema waaroor in toekomstige kursusse uitgewei sal word.

Teen die agtergrond van hierdie tema neem die eenheid sy ondersoek van die betekenis van gebed op. Die benadering wat gevolg word is soortgelyk aan die een wat in die voorafgaande paragrawe beskryf is. Vrae en oefeninge is geformuleer om 'n begrip van die betekenis van passasies uit die Geskrifte wat bestudeer word, te bevorder. Namate die groep deur die eenheid vorder, mag dit van die studieleier vereis word om twyfel uit die weg te ruim deur gedagtes te ontleed wat uit uitleggings en gewoontes van die verlede spruit. By sommige tradisies het ritueel en vorm die belangrikheid van die innerlike staat oorskadu, en soveel mense verwaarloos die nodigheid van gebed, wat nie minder deurslaggewend vir die siel is as voedsel om die liggaam te voed.

Die eenheid streef dus bowenal om in deelnemers die begeerte op te wek om 'met God te gesels' en nader tot Hom te kom. Onder die idees wat aangepak is, is wat dit beteken om 'n staat van gebed te betree, die houding van ons harte en verstand wanneer ons so doen, en die toestande wat geskep moet word in ons omgewing, hetsy ons alleen of in 'n samekoms is. Inderdaad, nadat deelnemers 'n tyd nagedink het oor die kragte wat deur gemeenskaplike aanbidding gewek word, word hulle gevra om dit te oorweeg om gasheer te wees vir 'n samekoms vir gebed.

Die studie van die derde eenheid van die boek, 'Die Lewe en die Dood', sal hopelik die verbondenheid daartoe versterk om die pad van diens te bewandel en dit 'n dieper betekenis te gee. Diens in hierdie wêreld word die beste begryp in die volste konteks van die lewe, wat verder as ons aardse bestaan duur, en aanhou vir ewig terwyl ons siele deur al die wêrelde van God vorder. In 'n proses van opvoeding, in teenstelling met tegniese opleiding, behoort deelnemers toenemend bewus te word van die betekenis en belangrikheid van wat hulle doen. Die ervaring leer dat hulle hulleself sal begin

sien as aktiewe, verantwoordelike 'eienaars' van hulle eie geleerdheid, alleen as sulke bewustheid groei.

Elke afdeling van die eenheid open met een tot drie paragrawe uit die Bahá'í Geskrifte, gevolg deur 'n paar oefeninge. Die taal van die passasies wat in hierdie eenheid aangehaal is, is meer veeleisend as in die vorige twee. Dit is natuurlik onnodig dat die groep stilstaan by moeilike woorde; die studieleier sal wil seker maak dat almal die sentrale idee verstaan wat in elke afdeling aangepak is, en dit is presies wat die oefeninge probeer om duidelik te maak.

Gegewe die aard van die onderwerp, is oefeninge wat konkrete voorbeelde inhou, dun gesaai. Die meeste neig om op 'n konseptuele vlak te werk. Dit behoort opgelet te word dat sommige van die vrae wat in die oefeninge gestel is, nie vinnig of op 'n skerp omlynde manier beantwoord kan word nie. Dit word ingevoer om bewustheid te verhoog oor die onderwerp; as deelnemers net dink oor sulke vrae, is die doel van leer vervul.

Die eerste etlike afdelings fokus op die verhouding tussen die siel en die liggaam, wat saam die menslike wese op hierdie vlak van bestaan uitmaak. Die sentrale idee wat in hierdie afdelings aangebied word, is dat die siel nie 'n fisiese entiteit is nie; die verbinding daarmee met die liggaam kan vergelyk word met die lig wat in 'n spieël verskyn. Die stof wat die oppervlak daarvan bedek, of die uiteindelike vernietiging van die spieël, kan nie die luister van die lig self aantas nie. Die dood is maar 'n verandering van toestand, wanneer die verbinding tussen die liggaam en die siel gebreek word; naderhand vorder die siel ewigdurend na sy Skepper.

Die eenheid gaan dan oor tot die kwessie van die doel van die lewe – om God te ken en om in Sy teenwoordigheid te kom. Bespreking hier draai om twee breë temas. Die eerste is die doel van ons lewens in hierdie wêreld, en die tweede die reis van die siel ná die dood. Die siel is 'n teken van God en kan al Sy name en eienskappe weerspieël. Tog is die potensiaal binne die mens sluimerend; dit kan ontwikkel word alleen met die hulp van die Manifestasies van God, daardie heilige Wesens Wat van tyd tot tyd kom om die mensdom te lei. Deur middel van die geestelike opvoeding wat Hulle voorsien, kan die skatte wat binne-in ons verborge is, onthul word.

Aangaande die reis van die siel ná die dood, word 'n reeks idees uiteengesit wat deelnemers kan oorweeg: dat diegene wat getrou is aan God ware geluk sal bereik; dat geeneen van ons ooit ons eie einde kan ken nie, en ons behoort dus om mekaar te vergewe en nie meerderwaardig teenoor ander voel nie; dat in die hiernamaals, soos in hierdie wêreld, die siel sal aanhou vorder en die geestelike vermoëns wat ons hier ontwikkel het, ons daar sal help en bystaan; dat ons ons geliefdes in die hiernamaals sal herken, ons lewens in hierdie wêreld sal onthou, en geselskap sal geniet met heilige siele.

Die eenheid sluit af met 'n passasie uit die Geskrifte van Bahá'u'lláh waarin ons verseker is oor die voordele van die hiernamaals en aangemoedig word om nie toe te laat dat die lotwisselinge van hierdie lewe ons leed aandoen nie. Deelnemers word gevra om na te dink, dan, oor die implikasies van wat hulle bestudeer het, vir hulle eie lewens.



# Hoe om die Bahá'í Geskrifte te Verstaan

## Doel

Om die gewoonte te versterk om passasies uit die Heilige Geskrifte elke dag te lees en oor die betekenis daarvan na te dink.

## AFDELING 1

Die doel van hierdie eenheid is om jou te help om die gewoonte te ontwikkel en versterk om passasies uit die Heilige Geskrifte elke dag te lees en oor die betekenis daarvan na te dink. Die eenheid begin met 'n eenvoudige oefening wat jou vra om 'n eensin-stelling uit die Geskrifte te lees en te reageer op 'n vraag, die antwoord waarop in die stelling self is. Al is dit maklik om uit te voer, sal die oefening jou help om oor die betekenis van die aangehaalde stellings na te dink en dit te memoriseer.

**"Die verbetering van die wêreld kan tot stand gebring word deur middel van rein en goeie dade, deur prysenswaardige en betaamlike gedrag."**[1]

1 Hoe kan die verbetering van die wêreld uitgevoer word? ____________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**"Pas op, o volk van Bahá, dat julle nie die weë bewandel van hulle wie se woorde van hulle dade verskil nie."**[2]

2 Wie se weë moet ons nie bewandel nie? ____________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**"O seun van wese! Gee uself elke dag rekening van u dade, aleer u tot verantwoording geroep word . . ."**[3]

3 Wat moet ons doen voordat ons tot verantwoording geroep word? __________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**"Sê, o broeders! Laat dade, nie woorde nie julle sieraad wees."**[4]

4 Wat moet ons ware sieraad wees? ________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

**"Heilige woorde en rein en aansienlike dade styg op na die hemel van hemelse heerlikheid."**[5]

5 Wat doen heilige woorde en rein en goeie dade? _____________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

## AFDELING 2

Onder staan 'n paar oefeninge wat verband hou met die aanhalings wat jy pas gelees het. Dit word bedoel om jou te help om verder na te dink oor die betekenis van die passasies in jou groep en behoort nie meganies gedoen te word nie. Dit beteken nie dat elke oefening baie bespreking vereis nie. Wanneer die oefening uitdagend is, sal die studieleier van jou groep julle help om dit deeglik te ondersoek.

1 Wanneer iets 'prysenswaardig' is, is dit lof waardig. Watter van die volgende is prysenswaardig?

_____ Om 'n goeie werker te wees

_____ Om ander te respekteer

_____ Om leergraag te wees

_____ Om 'n leuenaar te wees

_____ Om lui te wees

_____ Om ander te dien

2 Wat beteken die sinsnede "aleer jy tot verantwoording geroep word"? ________

____________________________________________________________

3 Watter van die volgende stellings is waar?

_____ Daar is so min goeie mense in die wêreld dat hulle dade vergeefs is.

_____ Iets is korrek as dit ooreenkom met die opvattings van ander mense.

_____ Iets is korrek wanneer dit ooreenkom met die leringe van God.

4 Watter van die volgende is rein en heilige dade?

_____ Sorg vir kinders en leer hulle

_____ Steel

_____ Bid vir die vordering van ander

_____ Vertel 'n leuentjie om moeilikheid vry te spring

_____ Help ander en verwag 'n beloning

5 In watter van die volgende situasies verskil die woorde van die persoon van sy of haar dade?

_____ Iemand hou aan herhaal dat ons almal verenig moet wees maar gedra hom of haar op 'n manier wat twis skep.

_____ Iemand loof die waarde van 'n kuis lewe maar het seksuele verhoudings buite die huwelik.

_____ Iemand verbruik alkohol van tyd tot tyd, terwyl hy of sy 'n godsdienstige geloof bely wat drink verbied.

_____ Iemand staan die gelykheid van mans en vrouens voor, maar as werkgewer betaal vroue minder as mans vir dieselfde werk.

6 Is dit toelaatbaar dat 'n Bahá'í vir 'n ander persoon bieg? ________________

7 Wat moet hy of sy doen pleks van te bieg? ______________________________

_____________________________________________________________

8 Wat beteken die frase 'die hemel van hemelse heerlikheid'? _______________

_____________________________________________________________

9 Wat is die gevolg van slegte dade op die wêreld? _______________________

_____________________________________________________________

10 Wat is die gevolg van slegte dade op diegene wat dit pleeg? _______________

_____________________________________________________________

## AFDELING 3

Lees nou en oorweeg die volgende aanhalings uit die Geskrifte. Probeer dan om dit te memoriseer.

**"Waarheidsliefde is die fondament van alle menslike deugde."**[6]

1 Wat is die fondament van alle menslike deugde? _______________________

**"Sonder waarheidsliefde is vordering en sukses, in al die wêrelde van God, vir enige siel onmoontlik."**[7]

2 Wat is onmoontlik sonder waarheidsliefde? ___________________________

_____________________________________________________________

**"Verfraai julle tonge, o mense, met waarheidsliefde, en tooi julle siele met die ornament van eerlikheid."**[8]

3 Waarmee moet ons ons tonge verfraai? _______________________________

4 Wat moet ons 'n sieraad vir ons siele maak? ___________________________

_____________________________________________________________

**"Laat jou oog kuis, jou hand getrou, jou tong waarheidliewend, en jou hart verlig wees."**[9]

5 Hoe moet ons oog wees? ______________ Ons hand? __________________

Ons tong? ____________________ Ons hart? __________________________

**"Diegene wat die Tabernakel van God bewoon, en op die setels van ewigdurende glorie bevestig is, sal weier, al sou hulle van honger sterf, om hulle**

**hande uit te strek en die eiendom van hulle naaste wederregtelik in beslag te neem, hoe gemeen en waardeloos hy ook al mag wees."**[10]

6 Wat behoort ons te weier om te doen al sterf ons aan honger? ______________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

## AFDELING 4

Jy het seker al in Afdeling 2 opgelet dat sommige van die oefeninge in hierdie eenheid bepalende antwoorde verg. In sulke gevalle, as daar twyfel is oor die antwoord, sal die studieleier van jou groep jou en jou mededeelnemers kan help om eensgesindheid te bereik. By ander oefeninge is dit die bespreking self wat waardevol is, en geen enkele spesifieke antwoord word verwag nie. In onderstaande, is oefening 3 van die eerste soort, terwyl oefening 6 in die tweede kategorie val.

1 Waarheidsliefde is die fondament val alle menslike deugde. Lys vyf deugde.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

2 Kan ons hierdie deugde verkry sonder waarheidsliefde? ____________________

3 Watter van die volgende stellings is waar?

_____ 'n Persoon kan regverdig wees, al vertel hy leuens.

_____ Iemand wat steel het 'n getroue hand.

_____ 'n Getroue hand raak nooit aan iets wat nie daaraan behoort nie.

_____ Om na pornografiese materiaal te kyk is in stryd met Bahá'u'lláh se raadgewing om 'n oog wat kuis is te besit.

_____ Waarheidsliefde beteken om nie te lieg nie.

_____ Eerlikheid is 'n sieraad van die siel.

_____ 'n Persoon wat nie waarheidliewend is nie, kan nie geestelik vorder nie.

_____ Dit is in orde om leuens so nou en dan te vertel.

_____ Steel is aanneemlik vir God as 'n mens honger is.

_____ Om iets sonder toestemming van die eienaar te vat, met die gedagte dat ons dit later sal terugbring is nie diefstal nie.

_____ Is dit moontlik om vir jouself te lieg?

_____ Wat verloor ons wanneer ons 'n leuen vertel?

_____ Hoe sou die wêreld wees as ons almal waarheidliewend en eerlik sou wees?

4 Is dit moontlik om vir jouself te lieg? ____________________________________

5 Wat verloor ons as ons ’n leuen vertel? ________________________________

6 Hoe sou die wêreld wees as ons almal waarheidliewend en eerlik was? ________

__________________________________________________________________

## AFDELING 5

Lees onderstaande aanhalings en probeer om dit uit die kop te leer. Die memorisering van aanhalings uit die Geskrifte is hoogs lonend en jy behoort jou bes probeer om so te doen. Nie almal is natuurlik in staat om passasies maklik te memoriseer nie. Om die poging aan te wend help ons egter om die idees in ons hart en verstand in te prent, en om dit in woorde uit te druk wat so getrou moontlik aan die oorspronklike teks is.

**“’n Vriendelike tong is die magneet vir die harte van die mense. Dit is die brood van die gees, dit beklee die woorde met betekenis, dit is die bron van die lig van wysheid en begrip.”**[11]

1 Hoe kan ’n vriendelike tong beskryf word? ____________________________

__________________________________________________________________

__________________________________________________________________

2 Wat is die uitwerking van ’n vriendelike tong op woorde? ________________

__________________________________________________________________

**“O julle geliefdes van die Here! In hierdie heilige Bedeling, word stryd en twis hoegenaamd nie veroorloof nie. Elke aanvaller ontsê hom Gods genade.”**[12]

3 Volgens hierdie aanhaling, wat word nie in hierdie Bedeling veroorloof nie?____

__________________________________________________________________

4 Wat doen die aanvaller aan homself? ________________________________

__________________________________________________________________

**“Niks kan hoegenaamd in hierdie Dag ’n groter kwaad aan hierdie Saak doen nie as tweedrag en stryd, twis, vervreemding en onverskilligheid, onder die geliefdes van God.”**[13]

5 Watter toestande doen die grootste kwaad aan die Saak van God?___________

__________________________________________________________________

__________________________________________________________________

**“Moet nie tevrede wees om vriendskap met woorde alleen te toon nie; laat jou hart brand met vriendelike goedgesindheid teenoor almal wat jy mag teëkom.”**[14]

6 Watter tipe vriendskap moet ons nie tevrede stel nie?_____________________

7 Wat behoort helder in ons hart te brand? ____________________________

______________________________________________

**"Wanneer 'n gedagte van oorlog opkom, werk dit teen met 'n sterker gedagte van vrede. 'n Gedagte van haat moet vernietig word deur 'n meer kragtige gedagte van liefde."**[15]

8 Wat moet 'n gedagte van oorlog teenwerk? ______________________

______________________________________________

9 Wat moet 'n gedagte van haat vernietig? ______________________

______________________________________________

## AFDELING 6

Voltooi die volgende oefeninge, met bostaande aanhalings in gedagte:

1 Op watter manier werk 'n vriendelike tong soos 'n magneet? ______________

______________________________________________

2 Watter van die volgende stellings kom uit 'n vriendelike tong?

_____ 'Moenie my pla nie!'

_____ 'Hoekom verstaan jy dit nie?'

_____ 'Kan u asseblief wag?'

_____ 'Watter vreeslike kinders!'

_____ 'Dankie, u is baie gaaf.'

_____ 'Ek het nie nou tyd vir jou nie. Ek is besig.'

3 In watter van die volgende situasies is tweedrag en stryd teenwoordig?

_____ Twee mense druk verskillende idees uit oor 'n onderwerp tydens beraadslaging.

_____ Twee mense word ontsteld en stry met mekaar tydens beraadslaging.

_____ Twee mense hou op om 'n weeklikse bidsamekoms by te woon omdat hulle kwaaivriende is.

_____ Lede van 'n span wat saamwerk aan 'n projek hou aan kla, met elkeen wat sê dat die ander nie hulle deel bydra nie.

4 Watter van die volgende situasies toon tekens van vervreemding?

_____ Twee vriende stap mekaar in die straat verby maar wil nie mekaar raaksien nie.

_____ Iemand kom by 'n bidsamekoms aan, en almal begroet haar hartlik.

_____ Alhoewel hulle beleefd vir mekaar is, is twee lede van 'n groep onwillig

om saam aan ’n projek deel te neem.

5 Besluit of die volgende stellings waar is:

_____ ’n Mens moet sê presies wat hy van ander dink en dit maak nie saak of hulle harte seerkry nie.

_____ Dit is in orde om leuens te vertel om stryd te vermy.

_____ Stryd kan met liefde en vriendelikheid oorkom word.

_____ Woorde is meer doeltreffend as dit met liefde gesê word.

_____ Dit is in orde om met iemand te baklei as hy dit veroorsaak.

_____ ’n Mens het die reg om skerp met ander te praat as jy siek of treurig is.

_____ Dit is nie vriendelik om vir ander te lag wanneer hulle iets verkeerds doen nie.

_____ Dit is in orde om die tekortkominge van ander te noem omdat dit nie skinderpraatjies is nie.

_____ Wanneer teësin tussen vriende bestaan, behoort elkeen ’n besondere poging aan te wend om nader aan die ander te kom.

_____ Wanneer teësin tussen vriende bestaan, behoort elkeen te wag tot die ander pogings aanwend om nader te kom.

## AFDELING 7

Lees onderstaande aanhalings en leer dit uit die kop.

**“. . . skinderpraatjies blus die lig van die hart en doof die lewe van die siel uit.”**[16]

**“Maak nie gewag van die sondes van ander solank u self ’n sondaar is nie.”**[17]

**“Spreek geen kwaad, dat u dit nie teenoor uself hoor spreek nie, en vergroot nie die foute van ander dat u eie foute nie groot sou voorkom nie . . .”**[18]

**“O seun van Wese! Hoe kan u u eie foute vergeet en u met die foute van ander bemoei?”**[19]

1 Wat is die uitwerking van skinderpraatjies op die een wat skinder? ___________

______________________________________________________________

2 Waaraan moet ons dink voordat ons gewag maak van die sondes van ander? __

______________________________________________________________

3 Wat sal met ons gebeur as ons die sondes van ander vergroot? ______________

______________________________________________________________

4 Wat moet ons onthou wanneer ons aan die foute van ander dink? ____________

________________________________________________________________________

## AFDELING 8

Voltooi die volgende oefeninge, met bostaande aanhalings in gedagte:

1 Wat gebeur met die vordering van die siel van ’n persoon wat hom toespits op die foute van ander? ______________________________________________________

2 Wat is die gevolg van skinderpraatjies vir ’n gemeenskap? ___________________

________________________________________________________________________

3 Wat doen jy as ’n vriend begin praat oor die foute van iemand anders? _______

________________________________________________________________________

4 Besluit of die volgende stellings waar is:

_____ As ons praat oor iemand anders se ware foute, skinder ons nie.

_____ As ons tegelykertyd praat oor iemand se goeie eienskappe en sy foute skinder ons nie.

_____ Skinderpraatjies het ’n algemene gewoonte in ons samelewing geword, en ons behoort die dissipline te ontwikkel om dit te vermy.

_____ As die luisteraar beloof om nie te herhaal wat ons sê oor iemand anders, kan dit geen kwaad doen om te skinder nie.

_____ Skinderpraatjies is een van die grootste vyande van eenheid.

_____ As ons die gewoonte aanleer om heeltyd oor ander mense te praat, kan ons maklik in skinderpraatjies verval.

_____ Wanneer die vermoëns van verskillende mense in ’n byeenkoms van ’n Plaaslike Geestelike Raad bespreek word, ten einde die lede van ’n komitee te noem, is dit skinderpraatjies.

_____ Wanneer ons lus het om te skinder, moet ons oor ons eie foute dink.

_____ Wanneer ons weet dat ’n persoon iets doen wat die Geloof kwaad aandoen, moet ons dit met die ander lede van die gemeenskap bespreek.

_____ Wanneer ons weet dat ’n persoon iets doen wat die Geloof kwaad aandoen, behoort ons net die Plaaslike Geestelike Raad in kennis te stel.

_____ Dit is nie verkeerd as ’n egpaar oor ander mense se foute praat nie, aangesien hulle nie geheime van mekaar moet hou nie.

## AFDELING 9

Die doel van hierdie eenheid, soos aan die begin genoem is, is om deelnemers by te staan in hulle pogings om die gewoonte te versterk om passasies uit die Heilige Geskrifte elke dag te lees en oor die betekenis daarvan na te dink. Die lees van verse van God elke oggend en aand is 'n lering van Bahá'u'lláh wat strek tot ons geestelike ontwikkeling. Die volgende passasie herinner ons aan die gawes wat ons ontvang deur hierdie plig na te kom, en jy word aangemoedig om dit uit die kop te leer:

> "**Dompel julle self in die oseaan van My woorde, sodat julle die geheime daarvan mag ontrafel, en al die pêrels van wysheid mag ontdek wat in sy dieptes versteek lê.**"[20]

Nadat jy hierdie eenheid voltooi het, mag jy 'n boek van Bahá'u'lláh se Geskrifte wil aanskaf en elke dag daaruit lees. Die Verborge Woorde is 'n goeie eerste keuse.

## VERWYSINGS


1 Bahá'u'lláh, aangehaal in Shoghi Effendi, *The Advent of Divine Justice*, (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 2006 druk 2018) par. 39, ble. 36–7

2 Bahá'u'llah, aangehaal in *Inspirering vir die Hart* (Johannesburg: Die Nasionale Geestelike Raad van die Bahá'ís van Suid-Afrika, 1995) bl. 54

3 Bahá'u'lláh, *Die Verborge Woorde* (Johannesburg: Die Nasionale Geestelike Raad van die Bahá'ís van Suid-Afrika, 1996) Arabies no. 31

4 Ald., Persies no. 5

5 Ald., Persies no. 69

6 'Abdu'l-Bahá, aangehaal deur Shoghi Effendi in *The Advent of Divine Justice* par 40, bl. 39

7 Ald.

8 *Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh* CXXXVI, par 6, bl. 336

9 *Tablets of Bahá'u'lláh Revealed after the Kitáb-i-Aqdas* (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1998, 2005 druk) par 9.5, bl. 138

10 *Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh* (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1983, 2017 druk) CXXXVII, par 3, bl. 338

11 Ald., CXXXII, par 5, bl. 327

12 *Will and Testament of 'Abdu'l-Bahá*, (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1944, 2013 druk) bl. 26

13 Bahá'u'llah, aangehaal in *Inspirering vir die Hart*, bbl. 5–6

14 *Paris Talks: Addresses Given by 'Abdu'l-Bahá in Paris in 1911–1912* (Londen: Bahá'í Publishing Trust, 1995), bl. 2

15 Ald. bl. 19

16 Bahá'u'lláh, in *Inspirering vir die Hart*, bl. 51

17 Bahá'u'lláh, *Die Verborge Woorde*, Arabies no. 27

18 Ald., Persies no. 44

19 Ald., Arabies no. 26

20 Bahá'u'lláh, aangehaal in *Inspirering vir die Hart*, bl. 21



# Gebed

## Doel

Om na te dink oor die betekenis van gebed en om die gewoonte van gereelde gebed te versterk

## AFDELING 1

Die kursusse van die Ruhi Instituut is bedoel om deelnemers te help om 'n pad van diens te bewandel. Ons bewandel hierdie pad aangedryf deur 'n tweevoudige doelgerigtheid – om geestelik en intellektueel te groei en om by te dra tot die transformasie van die samelewing. Hierdie twee aspekte van een doel is onafskeidelik van mekaar. Bahá'u'lláh spoor ons aan in een passasie:

> **"Moet nie julle besig hou met julle eie sorge nie; laat julle gedagtes gevestig word op dit wat die wedervaringe van die mensdom sal rehabiliteer en die harte en siele van mense sal heilig."** [1]

In nog 'n passasie, maak Hy duidelik:

> **". . . die doel waarom sterflike mense uit volslae nietigheid die ryk van aansyn betree het, is dat hulle vir die beterskap van die wêreld mag werk en saam in eensgesindheid en harmonie mag lewe."** [2]

In verband met ons innerlike toestand, verklaar Hy:

> **"'n Suiwer hart is soos 'n spieël; reinig dit met die politoer van liefde en afsnyding van alles behalwe God, sodat die ware son daarin mag skyn en die ewige oggend mag aanbreek."** [3]

En 'Abdu'l-Bahá vertel ons:

> **"Julle harte moet suiwer wees en julle bedoelings opreg sodat julle ontvangers mag word van die goddelike skenkings."** [4]

1 Wat behoort die fokus van ons gedagtes en sorge te wees? ____________________

________________________________________________________________

________________________________________________________________

2 Met watter doel het ons uit volslae nietigheid die ryk van aansyn betree? _____

________________________________________________________________

________________________________________________________________

3 Waarmee behoort ons die spieël van ons hart te reinig? ____________________

________________________________________________________________

4 Wat is sommige van die toestande wat goddelike skenkings aantrek? __________

________________________________________________________________

5 Is enigeen van die volgende waar?

_____ Jy moet eers vir jouself sorg, en dan kan jy vir ander sorg.

_____ As jy altyd ander help, sal jy op die ou end jou eie doeleindes uit die oog verloor.

_____ Jy is jou naaste vriend.

_____ Wat die mees belangrik is, is om dit vas te stel wat jou gelukkig maak.

_____ Volg jou drome, en dit sal jou na blydskap lei.

_____ Solank jy niemand anders seermaak nie, maak dit nie saak wat jy doen nie.

_____ Dit is in die haak dat jou motiewe selfsugtig is, solank jy iets goeds doen.

## AFDELING 2

’n Oortuiging wat sentraal is tot ons tweevoudige doel is dat ons almal edel geskape is. Bahá’u’lláh sê:

> **“O Seun van die Gees! Ek het u ryk geskape, waarom verarm u uself? Edel het Ek u gemaak, waarmee verneder u uself? Uit die kern van kennis het Ek u in die lewe geroep, waarom soek u verligting by enigeen buiten My? Uit die klei van liefde het Ek u gevorm, hoekom hou u u dan besig met ’n ander? Ondersoek uself, dat u My binne u staande mag vind, magtig, kragtig, en selfbestaande.”** [5]

Die invul van die onderstaande leemtes sal jou help om oor hierdie passasie na te dink.

> “O Seun van die Gees! Ek het u _____ geskape, waarom _________ u uself? ______ het Ek u ________, waarmee ____________ u uself? Uit die _________ van _________ het Ek u in die lewe geroep, waarom ________ u _____________ by enigeen buiten ___? Uit die klei van ________ het Ek u _________, hoekom hou u u dan _______ met ’n _______? _____________ uself, dat u ___ binne u staande mag __________, __________, ____________, en ____________________.”

Om getrou te wees aan die edelheid van ons siele, moet ons ons wend tot die Bron van ons wese en verligting by Hom soek. Een van die mees oortuigende maniere om dit te bereik is deur middel van gebed. Shoghi Effendi, Beskermer van die Geloof, vertel ons die hoofdoel daarvan is ‘die ontwikkeling van die individu en die samelewing, deur die verkryging van geestelike deugde en kragte. Dit is die siel van die mens wat eers gevoed moet word. En hierdie geestelike voeding kan die beste deur middel van gebed voorsien word.” [6]

## AFDELING 3

God is die Alwetende, die Alwyse. Hy het ons geskape en weet wat in ons hart is en wat die beste vir ons is. Hy het nie ons gebede nodig nie. Waarom bid ons dan?

‘Abdu’l-Bahá sê:

> **“In die hoogste gebed, bid mense alleen uit die liefde vir God, nie omdat hulle Hom of die hel vrees, of hoop op gawes of die hemel nie . . . Wanneer ’n mens verlief raak op ’n menslike wese, is dit vir hom onmoontlik om hom te weerhou van die noem van die naam van sy geliefde. Hoe meer moeilik om hom te weerhou van die noem van die Naam van God wanneer ’n mens Hom leer bemin het . . . Die geestelike mens skep geen behae in enigiets behalwe aandenking aan God nie.”** [7]

En in antwoord op 'n vraag, verduidelik Hy:

> **"As een vriend 'n ander liefhet, is dit nie natuurlik dat hy dit sou sê nie? Alhoewel hy weet dat die vriend bewus is van sy liefde, wil hy hom nie nogtans daarvan vertel nie? . . . Dit is waar dat God die wense van alle harte ken; maar die aandrang om te bid is natuurlik, dit spruit uit die mens se liefde vir God."[8]**

1 Voltooi die volgende sinne:

a In die __________ gebed, _____ ons alleen uit die _________ vir God, nie omdat ons Hom of ___ _____ vrees, of hoop op ______ of _____ __________ nie.

b Wanneer ons _________ raak op 'n menslike wese, is dit vir ons ____________ om ons te weerhou van die noem van die _______ van ons _________. Hoe meer __________ om ons te weerhou van die ______ van die Naam van God wanneer 'n mens Hom leer ________ het.

c 'n Geestelike mens skep geen ________ in enigiets behalwe _____________ aan God nie.

2 Waarom bid ons? ______________________________________________________

______________________________________________________________________

3 Wat beteken die frase 'aandenking aan God'? ____________________________

______________________________________________________________________

4 Wat is die mees brandende begeerte van 'n persoon wat 'n ander liefhet? _____

______________________________________________________________________

5 Waaruit spruit die aandrang om te bid? ________________________________

______________________________________________________________________

## AFDELING 4

In 'n gebed wat deur Bahá'u'lláh geopenbaar is, lees ons:

> **"Ek smeek U . . . om my gebed te maak tot 'n vuur wat die sluiers sal verbrand wat my van U prag uitgesluit het, en tot 'n lig wat my na die oseaan van U Teenwoordigheid sal lei."[9]**

Ons vra God in daardie selfde gebed:

> **"Maak my gebed, o my Here, 'n fontein van lopende waters waarvan ek so lank mag lewe as wat U oppermag bly bestaan, en melding van U mag maak in elke wêreld van U wêrelde."[10]**

1 In watter sin kan gebed soos 'n vuur wees? Wat verteer dit? _________________

____________________________________

2 Noem ’n paar sluiers wat ons van God uitsluit. ________________________

____________________________________

____________________________________

3 Kan gebed soos ’n lig wees? Waarheen lei dit ons? ________________________

____________________________________

____________________________________

4 Kan gebed soos ’n fontein van lopende waters wees? Wat skenk dit aan ons siele?

____________________________________

____________________________________

## AFDELING 5

Lees die volgende woorde van ‘Abdu’l-Bahá en oorweeg dit:

> **“Daar is niks liefliker in die wêreld van bestaan as gebed nie. Die mens moet in ’n staat van gebed lewe. Die mees geseënde toestand is die toestand van gebed en smeking. Gebed is gesprek met God. Die grootste prestasie of die soetste staat is niks anders nie as gesprek met God. Dit skep geestelikheid, skep oplettendheid en hemelse gevoelens, verwek nuwe aantreklikhede van die Koninkryk en wek die ontvanklikheid van die hoër intelligensie op.”**[11]

1 Wat is die soetste staat in die wêreld van bestaan? ________________________

____________________________________

2 Wat beteken ‘toestand van gebed’? ____________________________

____________________________________

3 Noem ’n paar eienskappe wat gebed skep: ____________________________

____________________________________

____________________________________

4 Hersien die aanhalings wat jy in hierdie paar afdelings bestudeer het en skryf vyf frases oor die aard van gebed.

- Gebed is ________________________________
- Gebed is ________________________________
- Gebed is ________________________________
- Gebed is ________________________________
- Gebed is ________________________________

## AFDELING 6

Lees die volgende woorde van Bahá'u'lláh en dink daaroor na:

> **"Sing-spreek, o My dienaar, die verse van God wat deur jou ontvang is, net soos gesing-spreek deur hulle wat nader aan Hom gekom het, sodat die soetheid van jou melodie jou siel aan die brand mag steek, en die harte van alle mense mag aantrek. Wie ook al in die privaatheid van sy kamer die verse sê wat deur God geopenbaar is, vir hom sal die verspreidende engele van die Almagtige die geur van die woorde deur sy mond uitgespreek heinde en verre versprei, en die hart van elke regskape man laat klop. Alhoewel hy eers van die uitwerking daarvan onbewus mag wees, tog moet die deugsaamheid van die genade wat aan hom vergun is vroeër of later sy invloed op sy siel laat geld. Aldus is die verborgenhede van die Openbaring van God verorden kragtens die wil van Hom Wat die Bron van mag en wysheid is."**[12]

1 Wat beteken 'sing-spreek'? ______________________________

______________________________

2 Hoe behoort ons die verse van God te sing-spreek? ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

3 Wat beteken die woord 'sê'? ______________________________

______________________________

4 Wat beteken die woord 'strooi'? ______________________________

______________________________

5 Watter uitwerking sal die soetheid van ons melodie op ons eie siele hê? __________

______________________________

______________________________

6 Watter uitwerking sal die soetheid van ons melodie op die harte van ander hê?

______________________________

______________________________

## AFDELING 7

Jy mag die volgende twee passasies uit 'n gebed wat deur Bahá'u'lláh geopenbaar as, memoriseer:

> **"O God, my God! Kyk nie na my verwagtinge en my dade nie, nee kyk liewer na U wil wat die hemele en die aarde omvat het. By U Allergrootste**

**Naam, o U die Here van alle nasies! Ek het net begeer wat deur U begeer is, en bemin wat deur U bemin word."[13]**

**"Te hoog is U vir die lof van diegene wat naby U is om na die hemel van U nabyheid te styg, of vir die voëls van die harte van hulle wat aan U toegewy is om die deur van U poort te bereik. Ek getuig dat U geheilig is bo alle eienskappe en heilig is bo alle name. Geen God is daar behalwe U nie, die Verhewenste, die Alglorieryke."[14]**

## AFDELING 8

'Abdu'l-Bahá verklaar:

**"Dit betaam die dienaar om te bid en hulp van God te soek, en om te soebat en Sy hulp af te smeek. So iets pas die rang van diensbaarheid, en die Here sal beveel wat ook al Hy wil, volgens Sy volkome wysheid."[15]**

En Hy verduidelik:

**"Die gees het invloed; gebed het 'n geestelike uitwerking. Daarom bid ons, 'O God! Genees hierdie siele!' Miskien sal God antwoord gee. Maak dit saak wie bid? God sal die gebed van elke dienaar verhoor as daardie gebed dringend is. Sy genade is eindeloos, sonder grense. Hy verhoor die gebede van al Sy dienaars. Hy verhoor die gebede van hierdie plant. Die plant bid moontlik, 'O God! Stuur vir my reën!' God verhoor die gebed, en die plant groei. God sal iedereen beantwoord."[16]**

Dit is natuurlik dat ons, in ons gebede, God sou vra om in ons behoeftes te voorsien. Daarom bid ons om ons gesondheid en die gesondheid van ons geliefdes, ons bid om die geestelike en materiële vordering van ons gesinne, en ons bid om leiding. Ons vra sterkte, geloof, en bekragtiging in die pad van diens. Terwyl ons vir God bid, behoort ons natuurlik te onthou dat dit ons doel in die lewe is om ons wil met Sy Wil in ooreenstemming te bring. Daarom moet ons bid dat Sy Wil geskied en gereed wees om ons daaraan te onderwerp. As jy die volgende woorde van 'Abdu'l-Bahá uit die kop leer, sal dit te alle tye dien as bron van vreugde en versekering vir jou:

**"O u wat u gelaat na God toe wend! Maak u oë toe vir alle ander dinge, en maak hulle oop vir die ryk van die Alglorieryke. Vra wat ook al u wens van Hom alleen; soek wat ook al u soek van Hom alleen. Met 'n blik vergun Hy honderdduisend verwagtinge, met 'n oogopslag maak Hy honderduisend ongeneeslike siektes gesond, met 'n vlugtige blik lê Hy balsem op elke wond, met 'n kopknik bevry Hy die harte van die boeie van leed. Hy maak soos Hy maak, en welke verhaal het ons? Hy voer Sy Wil uit, Hy beskik wat Hom behaag. Dus is dit beter vir u om u hoof in onderwerping neer te buig, en u vertroue in die Algenadige Here te plaas."[17]**

## AFDELING 9

Uit alles wat ons tot sover bestudeer het, is dit duidelik dat om jou tot God in gebed te wend 'n onontbeerlike vereiste van 'n geestelike lewe is. Hoe besonder soet is dit nie om soggens kort nadat jy wakker word en saans voordat jy gaan slaap, vir God te bid nie. Die tyd wat ons elke dag met gebed deurbring en die aantal gebede wat ons

sê hang af van ons behoeftes en ons geestelike dors. Op elke geleentheid kan ons kies uit die talle gebede wat deur Bahá'u'lláh, die Báb, en 'Abdu'l-Bahá geopenbaar het. Bahá'u'lláh het egter ook drie daaglikse gebede geopenbaar. Shoghi Effendi sê:

> **"Daar is drie daaglikse verpligte gebede. Die kortste een bestaan uit 'n enkele vers wat een maal in elke vier-en-twintig uur teen middag gesê moet word. Die middelbare [gebed], wat met die woorde, 'Die Here is getuie dat daar geen ander God behalwe Hom is nie,' begin, moet drie keer per dag gesê word, soggens, smiddags en saans. Hierdie gebed gaan gepaard met sekere liggaamlike dade en gebare. Die lang gebed wat die mees uitgebreid van die drie is, moet een maal in elke vier-en-twintig uur gesê word, en te enige tyd dat 'n mens voel om dit te doen.**
>
> **"Dit staan die gelowige geheel en al vry om enigeen van hierdie drie gebede te kies, maar hy word verplig om een van hulle te sê, en volgens enige uitdruklike aanwysings waarmee hulle gepaard gaan."** [18]

Hy vervolg:

> **"Hierdie daaglikse verpligte gebede, saam met nog 'n paar spesifiekes, soos die Genesingsgebed, die Tafel van Aḥmad, is deur Bahá'u'lláh beklee met 'n besondere krag en betekenis, en daarom behoort dit as sodanig aanvaar te word, en deur die gelowiges met onvoorwaardelike geloof en vertroue gesê te word, sodat hulle deur middel daarvan 'n veel nouer verbinding met God kan aanknoop, en hulle vollediger met Sy wette en insettinge kan vereenselwig."** [19]

Die drie verpligte gebede wat deur Bahá'u'lláh geopenbaar is, word individueel gesê. Die soort gemeentelike gebed waarin 'n daaglikse verpligte gebed in 'n groep volgens 'n sekere ritueel gesê word, bestaan nie in die Bahá'í Geloof nie. Die Gebed vir die Dooies is die enigste gemeentelike gebed wat deur die Bahá'í wet voorgeskryf is. Dit moet voor teraardebestelling gesê word deur een van die aanwesiges, terwyl die res van die groep in stilte bly staan.

1 Wat beteken die woord 'verpligte'? ____________________

____________________

2 Hoeveel daaglikse verpligte gebede het Bahá'u'lláh geopenbaar? ____________________

____________________

3 Behoort ons al drie gebede elke dat sê? ____________________

4 As ons kies om die Lang Verpligte Gebed te sê, hoeveel keer moet ons dit elke dag sê? ____________________

5 Hoeveel keer, as ons kies om die Middelbare Verpligte Gebed te sê? ____________________

6 Hoeveel keer, as ons die Kort Verpligte Gebed kies? ____________________

7 Noem 'n paar van die gebede wat 'n spesiale krag besit. ____________________

____________________

______________________________________________

8 Memoriseer die Kort Verpligte Gebed as jy nog nie so gedoen het nie:

> **"Ek getuig, o my God, dat U my geskape het om U te ken en U te aanbid. Ek betuig op hierdie oomblik my magteloosheid en U mag, my armoede en U rykdom.**
>
> **"Daar is geen ander God buiten U nie, die Hulp in Gevaar, die Selfbestaande."**[20]

9 Waarvan getuig ons in hierdie gebed? ______________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

## AFDELING 10

Ons behoort te onthou dat, benewens die seëninge wat ons kry deur die wet van verpligte gebed te gehoorsaam en die voeding wat ons verkry deur ander gebede individueel te sê, ons siele opgehef word wanneer ons gebede wat in samekomste, groot of klein, voorgedra word, hoor. Bahá'u'lláh vertel ons:

> **"Kom bymekaar met die uiterste vreugde en kameraadskap en sê die verse wat deur die genadige Here geopenbaar is. Sodoende sal die deure van ware kennis vir julle innerlike wesens geopen word, en julle sal dan voel dat julle siel met standvastigheid bedeel, en julle hart met stralende vreugde vervul is."**[21]

Ons almal put groot vreugde uit die kennis dat gewyde samekomste waarin vriende en bure bymekaar kom om met God te verkeer, vermenigvuldig by die duisende. Die Universele Huis van Geregtigheid skryf:

> **"Gewyde samekomste is geleenthede waar enige siel mag binnekom, die hemelse geure inasem, die soetheid van gebed mag ervaar, bepeins oor die Skeppende Woord, verruk word op die vleuels van die gees, en verkeer met die een Geliefde. Gevoelens van kameraadskap en samestemming word opgewek, veral in die geestelik verhoogde gesprekke wat natuurlik by sulke tye gebeur en waardeur die 'stad van die mensehart' geopen mag word."**[22]

Wanneer ons geroer voel om te bid, wag ons 'n rukkie stil om ons verstand van die goed van hierdie wêreld te reinig. Terwyl ons bid, hou ons ons gedagtes gevestig op God. Nadat ons gebede gesê het, bly ons 'n tyd stil en gaan nie kortaf oor tot 'n ander aktiwiteit nie. Dieselfde geld wanneer ons luister na gebede wat ander op 'n vergadering aanbied. By sulke geleenthede handhaaf ons 'n biddende houding en ons volg die woorde noukeurig, asof dit ons was wat dit sê.

1 Met watter gees behoort ons bymekaar te kom wanneer ons die verse van God sê? ______________________________

2 Wat sal die uitwerking wees van ons bymekaarkoms om die verse van God te sê?

3 Gewyde samekomste is geleenthede wanneer enige siel kan

– ________________________ ,
– __________________________________________ ,
– __________________________________________ ,
– __________________________________________ ,
– __________________________________________________________ , en
– __________________________________________________________ .

4 Watter gevoelens word opgewek by gewyde samekomste? ____________________

______________________________________________________________________

5 Wat is die uitwerking van die geestelik verhoogde gesprekke wat by gewyde samekomste natuurlik gebeur? ______________________________________________

______________________________________________________________________

6 Skryf 'n paar woorde oor die respekvolle houding wat ons behoort te toon wanneer ons bid, hetsy alleen of op 'n samekoms.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

## AFDELING 11

Die eerste eenheid van hierdie boek het gefokus op die gewoonte van lees van passasies uit die Geskrifte elke dag, en om oor die betekenis daarvan na te dink. Jy het hier die betekenis van gebed oorweeg, en gevolglik, die gewoonte van daagliks bid, versterk. Die vorige afdeling het die belangrikheid van gemeentelike aanbidding onder jou aandag gebring. Al wat jy tot sover bestudeer het, het jou voorberei om, as jy wil, 'n eerste daad op die pad van diens te onderneem: gasheer wees van 'n gewyde samekoms.

As aanvanklike stap, mag jy etlike gebede wil memoriseer en 'n geleentheid vind om dit met 'n paar vriende te deel. Terselfdertyd kon jy seker maak dat jy ten minste een gewyde byeenkoms in jou gemeenskap bywoon en onder die geesdriftiges getel word. Jy mag uiteindelik dan besluit om self gasheer te wees van 'n gewyde samekoms, en jou

vriende, familielede, en bure uitnooi om gereeld saam te kom vir gebed en kameraadskap. Dit is nie ongewoon dat twee of drie deelnemers van hierdie kursus saam so ’n gewyde byeenkoms begin.

Jy kan jou seker verbeel dat daar geen formules is oor hoe ’n gewyde samekoms gereël moet word nie. Maar dit is duidelik ’n samekoms van vriende waarop gebede opgestuur word, passasies uit die Geskrifte gelees word en opheffende gesprekke plaasvind – alles in ’n opvallend geestelike atmosfeer. Kan jy ’n paar woorde sê oor elk van die volgende idees, in die konteks van gasheer wees van ’n gewyde samekoms?

Rig warm en liefderyke uitnodigings: ______________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Skep ’n verwelkomende omgewing: ______________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Handhaaf ’n atmosfeer van eerbied: ______________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Bevorder vreugdevolle kameraadskap: ______________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Moedig geestelik opheffende gesprek aan: ______________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

## VERWYSINGS


1 *Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh* (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1983, 2017 druk), XLIII, par. 4, bl. 105

2 Bahá'u'lláh, in *Trustworthiness: A Compilation of Extracts from the Bahá'í Writings, compiled by the Research Department of the Universal House of Justice* (Londen: Bahá'í Publishing Trust, 1987), no. 21, bl. 5

3 *The Call of the Divine Beloved: Selected Mystical Works of Bahá'u'lláh* (Haifa: Bahá'í World Centre, 2018), no. 2.43, bl. 31

4 Uit 'n praatjie van 5 Mei 1912, gepubliseer in *The Promulgation of Universal Peace: Talks Delivered by 'Abdu'l-Bahá during His Visit to the United States and Canada in 1912* (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2012), bl. 127

5 Bahá'u'lláh, Die Verborge Woorde (Johannesburg: Die Nasionale Geestelike Raad van die Bahá'ís van Suid-Afrika, 1996), Arabies no. 13, bbl. 5–6

6 Uit 'n brief gedateer 8 Desember 1935 geskryf namens Shoghi Effendi, gepubliseer in *Prayer and Devotional Life: A Compilation of Extracts from the Writings of Bahá'u'lláh, the Báb, and 'Abdu'l-Bahá and the Letters of Shoghi Effendi and the Universal House of Justice*, saamgestel deur die Research Department of the Universal House of Justice (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2019), no. 71, bl. 31

7 Woorde van 'Abdu'l-Bahá, aangehaal deur J. E. Esslemont, *Bahá'u'lláh and the New Era: An Introduction to the Bahá'í Faith* (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2006, 2017 druk), bl. 106

8 Ald.

9 Bahá'u'lláh in *Bahá'í Gebede* (Johannesburg: Baháí Uitgewerstrust, uitgawe 2, 2011) bl. 7

10 Bahá'u'lláh, *Bahá'í Gebede* bl. 8

11 Woorde van 'Abdu'l-Bahá aangehaal in *Star of the West* vol viii, no. 4 (17 Mei 1917)

12 Bahá'u'lláh, *Bahá'í Gebede* bl. 1

13 Ald. bl. 8

14 Ald. bl. 11

15 'Abdu'l-Bahá, in *Prayer and Devotional Life*, no. 24, bl. 7

16 Uit 'n praatjie gelewer deur 'Abdu'l-Bahá op 5 Augustus 1912, gepubliseer in *The Promulgation of Universal Peace*, bl. 345.

17 *Selections from the Writings of 'Abdu'l-Bahá* (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2010, 2015 druk), no. 22.1, bbl. 75–76

18 Uit 'n brief gedateer 10 Januarie 1936 geskryf namens Shoghi Effendi, gepubliseer in *Prayer and Devotional Life*, no. 61, bl. 25

19 Uit 'n brief gedateer 10 Januarie 1936 geskryf namens Shoghi Effendi, aangehaal in *Bahá'í Gebede*, bl. 300

20 Bahá'u'lláh, in *Bahá'í Gebede* bl. 3

21 Bahá'u'lláh, in Prayer and Devotional Life, no. 68, bl. 29

22 Uit 'n boodskap gedateer 29 Desember 2015, gepubliseer in *Framework for Action: Selected Messages of the Universal House of Justice and Supplementary Material, 2006–2016* (West Palm Beach: Palabra Publications, 2017), no. 35.49, bl. 232



# Die Lewe en die Dood

## Doel

Om in te sien dat die lewe nie bloot die lotswisselinge van hierdie wêreld is nie, maar sy ware betekenis vind in die ontwikkeling van die siel.

## AFDELING 1

Die menslike siel is bo stof en die liggaamlike wêreld verhewe. In een van Sy praatjies verduidelik 'Abdu'l-Bahá:

> **"Hierdie materiële liggame is uit atome saamgestel; wanneer hierdie atome begin skei, begin ontbinding, dan kom wat ons die dood noem. . . .**
>
> **"Met die siel is dit anders. Die siel is nie 'n verbinding van elemente nie, dit word nie uit talle atome saamgestel nie, dit is uit een ondeelbare stof gemaak en dus ewigdurend. Dit is geheel en al buite die orde van die liggaamlike skepping; dit is onsterflik!"**[1]

1 Wat beteken 'saamgestel'? ____________________

2 Is die menslike siel uit verskeie elemente saamgestel, soos materiële liggame? __

3 Is die menslike siel 'n fisiese entiteit? ____________________

## AFDELING 2

'n Brief geskryf namens die Beskermer verklaar dat 'die siel van die mens by bevrugting ontstaan'[2]. In antwoord op 'n vraag oor die betekenis van 'bevrugting', merk die Universele Huis van Geregtigheid op:

> **"Niks uit die Bahá'í Geskrifte is al gevind wat die biologiese oomblik en aard van die gebeurtenis wat as 'bevrugting' beskryf word, presies definieer nie. Die gebruik van die term in 'n mediese konteks blyk ook onpresies te wees. Inderdaad, een begrip van bevrugting is dat dit saamval met vrugbaarmaking; nog 'n ander is dat dit plaasvind ná vrugbaarmaking en inplanting, die begin van swangerskap. Dit mag dus onmoontlik wees om te weet wanneer die verkeer van die siel met die materiële vorm plaasvind nie, en sulke vrae mag deur menslike denke of ondersoek onoplosbaar wees aangesien dit verband hou met misterieë van die geestelike wêreld en die aard van die siel self."**[3]

1 Wanneer ontstaan die menslike siel? ____________________

____________________

2 Beteken die term 'bevrugting' 'n presiese biologiese oomblik? ____________________

## AFDELING 3

Die verband tussen die siel en die liggaam is nie materieel nie; die siel gaan nie die liggaam binne nie of dit verlaat nie, en betrek nie 'n fisiese spasie nie. Sy verkeer met die liggaam is soortgelyk aan dié van 'n lig met 'n spieël wat dit weerkaats. Die lig wat in die spieël verskyn is nie daarbinne nie. Só ook is die siel nie binne-in die liggaam nie. Soos 'Abdu'l-Bahá aandui,

> **"die rasionele siel, of die mensegees, bestaan nie deur hierdie liggaam deur middel van onafskeidelikheid nie – dit wil sê, dit gaan nie daarbinne nie;**

**want onafskeidelikheid en ingang is karaktertrekke van liggame, en die rasionele siel is hierbo verhewe. Dit het nooit in die eerste plek hierdie liggaam binnegegaan nie, dat dit 'n ander woonplek sou benodig wanneer dit die liggaam verlaat. Nee, die verband van die gees met die liggaam is net soos die verband van hierdie lamp met 'n spieël. As die spieël gepoleer en vervolmaak is, skyn die lig van die lamp daarin, en as die spieël gebreek word of met stof bedek is, bly die lig versteek."[4]**

1 Vul in die leemtes in onderstaande sinne:

a Die rasionele siel, of ________________ , bestaan nie deur hierdie liggaam deur middel van onafskeidelikheid nie – dit wil sê, dit gaan nie ____________ nie.

b Die ______________________ of die mensegees, gaan nie die liggaam binne nie; want onafskeidelikheid en ingang is __________________ en die rasionele siel is _________________________ .

c Die siel het nooit in die eerste plek ______________________ binnegegaan nie, dat dit _________________________ sou benodig wanneer dit die liggaam verlaat.

d Die verband van die gees met die liggaam is soos die verband ___________ __________________ .

e As die spieël gepoleer en vervolmaak is, skyn ________________________ daarin.

f As die spieël gebreek word of met stof bedek is, _____________________ .

2 Op grond van wat ons tot sover bestudeer het, bepaal of die volgende waar is:

_____ Die siel behoort nie aan die fisiese wêreld nie.

_____ Die siel is binne die liggaam.

_____ Die liggaam is die eienaar van die siel.

_____ Die siel is onsterflik.

_____ Die individu het sy of haar begin wanneer die siel hom met die embrio verbind.

_____ Die lewe begin wanneer die individu in hierdie wêreld gebore word.

_____ Die individu se materiële bestaan gaan voort ná die dood.

_____ Die lewe bestaan uit die goed wat met ons elke dag gebeur.

3 Gebruik die beeld van 'n lig en 'n spieël om die verhouding tussen die siel en die liggaam te beskryf: ____________________________________________________

____________________________________________________________________

____________________________________________________________________

## AFDELING 4

Daar is 'n baie spesiale verhouding tussen die siel en die liggaam, wat saam 'n menslike wese vorm. Hierdie verhouding duur die tyd van 'n sterflike lewe alleen. Wanneer die verband tussen hulle ophou, keer elkeen terug na sy oorsprong – die liggaam na die wêreld van stof en die siel na die geestelike wêrelde van God, waar dit aanhou vorder. 'Abdu'l-Bahá verklaar:

> **"Die mensegees het 'n begin maar geen einde nie: Dit duur vir ewig."**[5]

In een van Sy praatjies, helder Hy op:

> **"Die gees het nie 'n liggaam nodig nie, maar die liggaam het gees nodig, anders kan dit nie lewe nie. Die siel kan sonder 'n liggaam lewe, maar die liggaam sonder 'n siel sterf."**[6]

En die Beskermer verduidelik:

> **"Met betrekking tot die siel van die mens: Volgens die Bahá'í Leringe begin die menslike siel by die vorming van die menslike embrio, en hou aan ontwikkel en gaan deur eindelose stadiums van bestaan ná sy skeiding van die liggaam. Sy vordering is dus oneindig."**[7]

1 Beantwoord die volgende vrae met bostaande aanhalings in gedagte:

a Het die liggaam 'n siel nodig? ______

b Het die siel 'n liggaam nodig? ______

c Wat gebeur met die verband tussen die liggaam en die siel wanneer ons sterf? ______

d Wat gebeur met die siel ná die dood? ______

______

e Hoe lank duur die vordering van die siel? ______

______

f Wanneer eindig die lewe? ______

______

2 Besluit watter van die volgende in ooreenstemming is met wat ons in hierdie afdelings bestudeer het:

_____ Die dood is 'n straf.

_____ Die verband tussen die liggaam en die siel duur die tyd van 'n sterflike lewe alleenlik.

_____ Die liggaam is in staat tot ewige vordering.

_____ Die dood is die einde van die lewe.

_____ By die dood het die siel meer vryheid as te vore.

_____ Die lewe eindig met die dood.

_____ Ons behoort die dood te vrees.

_____ Kos, klere, rus en ontspanning is nodig vir die siel.

_____ Die siel word moeg soos die liggaam sy energie verbruik.

_____ Die siel word nie geraak deur siekte of deur swakheid van die liggaam nie.

_____ Die menslike wese sal steeds liggaamlike behoeftes ná die dood hê.

## AFDELING 5

Ons het gesien dat die siel nie fisiese ruimte betrek nie en werk nie volgens die wette van die natuur nie, soos materiële entiteite. Die siel oefen invloed uit in die wêreld deur middel van die liggaam, maar dit is nie al middel waardeur die siel sy krag uitoefen nie. Bahá'u'lláh verklaar:

> **"Voorwaar, Ek sê, die menslike siel is verhewe bo alle uitgang en teruggang. Dit staan stil, tog sweef dit; dit beweeg, en tog is dit stil."**[8]

En 'Abdu'l-Bahá vertel ons:

> **"Weet dat die invloed en waarneming van die mensegees van twee soorte is; dit wil sê, die mensegees het twee maniere van werking en begrip. Een manier is deur middel van liggaamlike instrumente en organe. Dit sien dus met die oog, hoor met die oor, praat met die tong. . . .**
>
> **"Die ander manier van die gees se invloed en aksie is sonder hierdie liggaamlike instrumente en organe."**[9]

1 Vul in die leemtes in die volgende sinne:

a Die menslike siel is verhewe bo alle ____________ en _____________ .

b Dit staan ___________ , en tog _____________ dit .

c Dit _____________ , en tog is dit __________ .

2 Beskryf die twee maniere waardeur die siel waarneem en invloed in hierdie wêreld uitoefen: ______________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

3 Kan jy voorbeelde gee van die siel se invloed en aksie sonder liggaamlike instrumente? ______________________________________________________________

______________________________________________________________________

## AFDELING 6

Lees nou, in die lig van die bespreking in die voorafgaande afdelings, die volgende passasie uit die Geskrifte van Bahá'u'lláh:

**"Weet dat die siel van die mens verhewe is bo, en onafhanklik is van alle gebreke van liggaam of verstand. Dat 'n siek persoon tekens toon van swakheid is te wyte aan die belemmeringe wat hulle tussen sy siel en sy liggaam plaas, want die siel self bly onaangetas deur enige liggaamlike kwale. Oorweeg die lig van die lamp. Alhoewel 'n eksterne voorwerp die straling daarvan kan onderskep, bly die lig self skyn met onverminderde sterkte. Op dieselfde manier, is elke siekte wat die liggaam van die mens aantas 'n belemmering vir die siel om sy inherente mag en krag te openbaar. Wanneer dit die liggaam verlaat, sal dit egter so 'n opgang toon, en 'n invloed aan die dag lê, wat geen krag op aarde kan ewenaar nie. Elke rein, elke verfynde en geheiligde siel sal bedeeld word met geweldige krag, en sal hom met groot blydskap verheug."** [10]

1 Verduidelik in jou eie woorde hoe die siel onaangeraak bly deur die kwale van liggaam of verstand, en wat duidelik sal word met sy skeiding van die liggaam.

2 Sal ons ons individualiteit ná die dood van ons liggame handhaaf? ___________

## AFDELING 7

Bahá'u'lláh vertel ons:

**"En nou aangaande u vraag omtrent die siel van die mens en sy voortbestaan ná die dood. Weet waarlik dat die siel ná sy skeiding van die liggaam, sal aanhou vorder totdat dit toelating tot God verkry, in 'n staat en toestand wat nóg die verloop van jare en eeue nóg die veranderinge en wisselvallighede van hierdie wêreld, kan wysig. Dit sal bly bestaan solank die Koninkryk van God, Sy soewereiniteit, Sy heerskappy en mag sal bly bestaan. Dit sal die tekens en eienskappe van God manifesteer, en Sy goedertierenheid en weldadigheid openbaar."** [11]

1 Hoe lank sal die siel aanhou vorder ná die liggaamlike dood? ______________

_______________________________________________________________

2 In watter staat sal die siel sy ewige reis na die teenwoordigheid van God voortsit?

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

3 Wat is sommige van die eienskappe en tekens wat die siel in daardie staat sal manifesteer? ________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

4 Bepaal, op grond van wat ons tot sover bestudeer het, of die volgende waar is:

_____ Die Koninkryk van God sal vir ewig duur.

_____ Die siel het die vermoë om die eienskappe van God te manifesteer.

_____ Die gebede wat ons sê vir die heengeganes het nie 'n uitwerking op hulle siele nie.

_____ Die siel hou nooit op om te bestaan nie.

## AFDELING 8

Bahá'u'lláh verklaar:

> **"Weet u dat elke horende oor, as dit rein en onbesmet gehou is, te alle tye en uit elke oord, moet luister na die stem wat hierdie heilige woorde uitspreek: 'Voorwaar, ons behoort aan God, en tot Hom sal ons terugkeer.' Die geheimenisse van die liggaamlike dood van die mens en van sy terugkeer is nie onthul nie, en bly ongelees. . . .**
>
> **"Die dood bied aan elke oortuigde gelowige die beker aan, wat die ware lewe is. Dit skenk blydskap, en is die vreugdebode. Dit verleen die gawe van die ewige lewe.**
>
> **"Aangaande dié wat die vrug van die aardse bestaan van die mens geproe het, wat die herkenning van die een ware God is, verhewe sy Sy heerlikheid, hulle lewe hierna is van so 'n aard dat Ons nie in staat is om dit te beskryf nie. Die kennis daarvan is by God alleen, die Here van alle wêrelde."[12]**
>
> **"O Seun van die Opperste! Ek het die dood 'n boodskapper van vreugde vir u gemaak. Waarom treur u? Ek het die lig gemaak om sy luister op u te werp. Waarom verberg u uself daarvan?"[13]**

1 Watter van die volgende stellings is waar?

_____ Die siel van die mens kom van God en sal na Hom terugkeer.

_____ Alle kennis van die lewe ná die dood is by God.

_____ Vir die oortuigde gelowige, is die dood die lewe.

_____ Die dood is die draer van blydskap.

_____ Die geheimenisse van die dood is deur almal geken.

_____ Ons behoort die gawes van die lewe te koester en tog nie bang te wees vir die dood nie, want dit is ’n boodskapper van vreugde.

_____ Dit is nie belangrik vir my om oor die lewe ná die dood te weet nie.

2 Skryf nou ’n kort paragraaf oor die lewe, dood, liggaam en siel, met wat ons in hierdie afdelings bestudeer het, in gedagte.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

## AFDELING 9

‘Abdu’l-Bahá verduidelik:

> **“Aan die begin van sy lewe was die mens in die wêreld van die baarmoeder, waarin hy die vermoë en waardigheid ontwikkel het om tot hierdie wêreld te vorder. Die vermoë wat hy in hierdie wêreld benodig, het hy in daardie wêreld verkry. Hy het oë nodig gehad in hierdie wêreld; hy het dit in die wêreld van die baarmoeder bekom. Hy het ore in hierdie wêreld benodig; hy het dit daar bekom. Al die kragte wat in hierdie wêreld benodig is, het hy in die wêreld van die baarmoeder verkry. In daardie wêreld het hy gereed geword vir hierdie wêreld, en toe hy hierdie wêreld ingaan het hy gesien dat hy in daardie wêreld al die vereiste kragte besit en al die lidmate en organe verkry het wat nodig is vir hierdie lewe. Daaruit volg dat hy in hierdie wêreld hom ook voorberei op die hiernamaals. Wat hy in die wêreld van die Koninkryk benodig, moet hy hier bekom en voorberei. Net soos hy die kragte wat nodig is vir hierdie wêreld in die wêreld van die baarmoe-**

**der verkry het, so ook moet hy dit wat hy in die wêreld van die Koninkryk benodig – dit wil sê, al die hemelse kragte – in hierdie wêreld bekom."** [14]

1 Besluit of die volgende waar is:

_____ Al die kragte wat vir hierdie wêreld nodig is, word in die wêreld van die baarmoeder verkry.

_____ Dit is onnodig om jou voor te berei op die lewe in die hiernamaals.

_____ Wat ons in die wêreld van die Koninkryk benodig moet dáár verkry word.

_____ Die doel van hierdie lewe is om die kragte te bekom wat nodig is vir die lewe in die komende wêreld.

_____ Ware lewe begin wanneer 'n mens sterf en na die goddelike Koninkryk gaan.

_____ Ware lewe begin in hierdie wêreld en gaan voort ná die liggaamlike dood.

2 Wat is sommige van die vermoëns wat deur die mens in die wêreld van die baarmoeder ontvang word? ______________________________

______________________________

3 Wat is sommige van die skenkings wat hier bekom moet word vir die lewe ná die dood? ______________________________

______________________________

## AFDELING 10

Bahá'u'lláh verklaar:

**"Die hele plig van die mens in hierdie Dag is om daardie deel te verkry van die vloed van genade wat God vir hom uitstort. Laat niemand dus ag slaan op die grootheid of kleinheid van die houer nie. Die deel van sommige mag in die palm van 'n mens se hand lê, die deel van andere mag 'n koppie vul, en van andere selfs 'n gelling-maat."** [15]

1 Beantwoord die volgende vrae in die lig van bostaande aanhaling:

a Wat is die plig van elke individu in hierdie Dag? ______________________________

______________________________

b Wat is sommige van die seëninge wat jy van God ontvang het? ______________________________

______________________________

______________________________

c Waarna verwys die woord 'houer' in bostaande aanhaling? ______________________________

______________________________

d Waarom behoort ons nie die ‘grootheid of kleinheid’ van die houer wat aan ons geskenk is te beskou nie? ____________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

e Wat is sommige van die goed wat ons verhinder om ons deel van Gods genade te ontvang? ____________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

2 Watter van die volgende is waar?

_____ Die ‘grootheid of kleinheid’ van ons vermoë verwys na hoe slim ons is.

_____ Om God te dien, moet ons ons swakhede vergeet en ons hele vertroue in Hom stel.

_____ As ons nie die vermoë in hierdie wêreld ontwikkel wat God aan ons geskenk het nie, sal ons siele swak wees wanneer ons in die komende wêreld aankom.

## AFDELING 11

Bahá’u’lláh verklaar:

> **“U het My gevra oor die aard van die siel. Weet waarlik dat die siel ’n teken van God is, ’n hemelse juweel wie se werklikheid die mees geleerde mense nie kon begryp nie, en wie se verborgenheid geen verstand, hoe skerpsinnig ook al, ooit kan hoop om te ontrafel nie. Dit is die eerste onder alle geskape dinge wat die voortreflikheid van sy Skepper verklaar, die eerste wat Sy heerlikheid erken, Sy waarheid aanhang, en voor Hom in aanbidding neerbuig.”**[16]

1 Vul in die leë ruimtes in die volgende sinne:

a Die siel is ’n ____________ van God.

b Die siel is ’n _________________ wie se ______________ die mees geleerde mense nie kon begryp nie, en wie se ____________________ geen verstand, hoe skerpsinnig ook al ooit kan hoop om te _______________ nie.

c Die siel is die ______________________ wat die ________________________ ___________ verklaar.

d Die siel is die eerste wat Gods heerlikheid ________________ .

e Die siel is die eerste wat Gods waarheid ______________ .

f Die siel is die eerste wat voor God in aanbidding _________________ .

2 Watter van die volgende is waar?

_____ 'Om te ontrafel' beteken om te verstaan.

_____ Onder alle geskapenes is die eerste wat God herken die menslike brein.

_____ 'Skerpsinnig' beteken skerp.

_____ 'n Geleerde persoon verstaan die verborgenheid van die siel.

_____ Net groot filosowe kan die voortreflikheid van God verklaar.

_____ Dit is nie nodig om oor die siel te dink nie, want ons sal dit nooit kan verstaan nie.

## AFDELING 12

Bahá'u'lláh verklaar:

> **"Julle is net soos die voël wat met die volle krag van sy magtige vlerke en met volkome en blye vertroue, deur die onmeetlikheid van die uitspansel sweef, totdat, aangedryf om sy honger te stil, hy hunkerend draai na die water en klei van die aarde benede, en nadat hy gevange geraak het in die strik van sy begeerte, hom hulpeloos bevind om sy vlug te hervat na die ryke waar hy vandaan gekom het. Magteloos om die las af te skud wat swaar op sy besoedelde vlerke druk, word daardie voël, voorheen 'n bewoner van die hemele, nou gedwing om 'n woonplek op die stof te soek. Daarom, o My dienaars, besmet nie julle vlerke met die klei van eiesinnigheid en ydel begeertes nie, en duld nie dat dit besmet raak met die stof van jaloesie en haat nie, sodat julle nie verhinder sal word om te sweef in die hemele van My goddelike kennis nie."**[17]

1 Voltooi onderstaande sinne:

a Die voël waarna Bahá'u'lláh in hierdie aanhaling verwys is die ____________ .

b Hierdie voël is 'n bewoner van die ___________________ .

c As sy vlerke besoedel is, is die voël gedwing om 'n woonplek op die _________ te soek.

2 Beantwoord nou die volgende vrae:

a Hoe word die 'vlerke' van die siel 'besoedel'? ___________________________

_________________________________________________________________

_________________________________________________________________

b Wat is sommige van die laste wat, soos 'die water en klei van die aarde' op die vlerke van die siel swaar druk? _______________________________________

_________________________________________________________________

_________________________________________________________________

c Wat is sommige van die goed wat ons kan verhinder om in die hemele van

goddelike kennis te sweef? ________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

d Waarom sou 'n siel sy hemelse woonplek vir die stof van hierdie wêreld ruil?

________________________________________________

________________________________________________

e Bepaal of die volgende stellings waar is:

_____ Wêreldse gehegtheid belemmer ons geestelike vordering.

_____ Ons eiesinnigheid en ydele begeertes hou ons terug daarvan om in die hemele van goddelike kennis te vlieg.

_____ Nyd en haat is natuurlike eienskappe van die mens en belas nie die siel nie.

_____ Ons kan ons vry maak van die laste wat ons verhinder om deur die onmeetlikheid van die uitspansel te sweef deur ons te ontheg van die goed van hierdie wêreld.

_____ Die siel se tuiste is in hierdie wêreld.

## AFDELING 13

Bahá'u'lláh sê:

> **"Nadat Hy die wêreld en alles wat daarin leef en beweeg, geskape het, kies Hy deur die direkte werking van Sy ongedwonge en soewereine Wil, om aan die mens die unieke onderskeiding en vermoë te verleen om Hom te ken en Hom te bemin - 'n vermoë wat bestempel moet word as die opwekkende drang en die primêre doel wat aan die hele skepping ten grondslag lê. . . . Op die innigste werklikheid van elke geskape ding het Hy die lig van een van Sy name gewerp en dit 'n ontvanger van die glorie van een van Sy eienskappe gemaak. Op die werklikheid van die mens het Hy egter die glans van al Sy name en eienskappe ingestel en dit 'n spieël van Sy eie Self gemaak. Die mens uit alle geskape dinge is alleen uitgekies vir so 'n groot guns, so 'n duursame gawe."**[18]

1 Vul in die onderstaande leë ruimtes:

a God het gekies om aan die mens die unieke onderskeiding en vermoë te verleen om ________________________________ .

b Op die innigste werklikheid van _____ geskapene het God die lig van _______ ___________ gewerp, en dit 'n ontvanger van die glorie van ______________ ___________ gemaak.

c Op die werklikheid van die mens het Hy die glans van ___________________ ____________ ingestel, en dit 'n spieël van ___________________ gemaak.

2 Beantwoord nou die volgende vrae:

a Kan jy sommige van die eienskappe van God noem? ____________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

b Wat is sommige van die eienskappe van God wat die menslike siel kan weerkaats? ______________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

c Hoe kan hierdie eienskappe getoon word? ____________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

d Vir watter spesiale guns is die mens uitgesonder? ______________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

3 Watter van die volgende is waar?

_____ Die mens verskil nie van die res van die skepping nie.

_____ Die vermoë om God te ken en Hom te bemin is die opwekkende drang en die primêre doel wat aan die hele skepping ten grondslag lê.

_____ Die werklikheid van elke geskapene is die ontvanger van een van die eienskappe van God.

_____ Die menslike siel kan al die eienskappe van God weerkaats.

## AFDELING 14

Bahá'u'lláh vertel ons:

"Hierdie kragte waarmee die Dagster van Goddelike milddadigheid en Bron van hemelse leiding die werklikheid van die mens bedeel het, lê egter sluimerend in hom, net soos die vlam binne die kers versteek is en die ligstrale potensieel teenwoordig in die lamp is. Die straling van hierdie kragte mag verduister word deur wêreldse begeertes net soos die lig van die son versteek kan word onder die stof en moer wat die spieël bedek. Nóg die kers nóg die lamp kan sonder hulp aangesteek word deur hulle eie selfstandige pogings, en dit kan nooit moontlik wees vir die spieël om dit van sy moer te bevry nie. Dit is duidelik en klaarblyklik dat voordat 'n vuur aangesteek word, die lamp nooit sal ontvlam nie, en tensy die moer van die oppervlak van die spieël afgevee word, dit nooit die beeld van die son kan voorstel en nooit sy lig en heerlikheid weerkaats nie."[19]

1 Wat beteken die woord 'sluimerend'? ______________________________

______________________________________________________________________

2 Wat is sommige van die kragte wat sluimerend in die menslike siel is? ________

____________________________________________

____________________________________________

3 Watter potensiaal het 'n lamp? ____________________________

4 Watter potensiaal het 'n spieël? ____________________________

5 Wat moet jy aan 'n lamp doen sodat dit lig kan gee? ________________

____________________________________________

6 Wat moet jy aan 'n spieël doen sodat dit lig kan weerkaats? ____________

____________________________________________

7 Kan die lamp en die spieël hulle potensiaal self aan die dag lê? __________

8 Hoe kan ons hierdie twee voorbeelde verbind met die toestand van die menslike siel? ____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

9 Wie kan die menslike siel sy potensiaal aan die dag laat lê? ______________

____________________________________________

## AFDELING 15

Bahá'u'lláh verklaar:

> **"Die deur van die kennis van die Aloue Wese was altyd, en sal vir ewig aanhou om geslote te wees vir die oë van mense. Geen mens se begrip sal ooit toegang tot Sy heilige hof verkry nie. As 'n bewys van Sy genade, en as 'n teken van Sy goedertierenheid, het Hy egter die Dagsterre van Sy goddelike leiding sigbaar gemaak, die Simbole van Sy goddelike eenheid, en het Hy bepaal dat die kennis van hierdie geheiligde Wesens dieselfde is as die kennis van Sy eie Self. Wie ook al hulle erken, het God erken. Wie ook al na hulle roepstem luister, het na die Stem van God geluister, en wie ook al getuig van die waarheid van hulle Openbaring, het van die waarheid van God Self getuig. Wie ook al van hulle wegdraai, het van God weggedraai, en wie ook al nie in hulle glo nie, het nie in God geglo nie. Elkeen van hulle is die Weg van God wat hierdie wêreld met die ryke omhoog verbind, en die Vaandel van Sy Waarheid vir almal in die koninkryke van aarde en hemel. Hulle is die Manifestasies van God onder die mense, die bewyse van Sy Waarheid, en die tekens van Sy heerlikheid."**[20]

1 Beantwoord die volgende vrae, met bostaande aanhaling in gedagte:

a Is dit moontlik dat ons God direk kan ken? ____________________________

b Hoe kan ons God dan ken? __________________________________________

______________________________________________________________________

c Kan jy sommige van die Dagsterre van goddelike leiding noem? _________

______________________________________________________________________

d Na Wie se Stem het diegene wat na die Manifestasies van God geluister het, geluister? __________________________________________________________

______________________________________________________________________

e Van Wie draai ons weg wanneer ons die roepstem van die Manifestasies van God veronagsaam? ______________________________________________________

2 Voltooi die volgende sinne:

a Die deur van die kennis van die Aloue Wese was altyd, en sal vir ewig aanhou om _______________________________________________________________ .

b Geen mens se begrip sal ooit toegang tot _________________ nie.

c God het Sy Manifestasies gestuur as bewys van Sy genade, en as 'n teken van Sy ____________________________________________ .

d Die kennis van die Manifestasies van God is dieselfde as ________________

______________________________________________________________________

e Wie ook al Hulle erken het __________________________________________ .

f Wie ook al na hulle roepstem luister het _______________________________ .

g Elkeen van Hulle is die Weg van God wat ______________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

3 Watter van die volgende is waar?

_____ Ons kan geestelik groei alleen deur ons eie pogings.

_____ God het ons 'n verstand gegee, en dit is voldoende vir ons vordering.

_____ Ons sal geestelik vorder deur die Manifestasie van God te erken en sal nie ons verder moet inspan nie.

_____ Ons kan geestelik vorder deur die Manifestasie van God te erken en pogings aan te wend om Sy leringe na te leef.

_____ Ons kan God direk ken.

_____ Die menslike wese kan net soos God word.

_____ God is verhewe bo die menslike begrip.

_____ Wanneer ons luister na die woorde van die Manifestasie van God, luister

ons na die Stem van God.

## AFDELING 16

Bahá'u'lláh verklaar:

> **"Die Profete en Boodskappers van God is gestuur met die enigste doel om die mensdom te lei na die reguit Pad van die Waarheid. Die doel wat ten grondslag aan hulle openbaring lê, was om alle mense op te voed, sodat hulle, op die uur van die dood, in die uiterste reinheid en heiligheid, en met volkome onthegting, na die troon van die Allerhoogste, opstyg."** [21]

En in 'n ander passasie sê Hy:

> **"Die mens is die opperste Talisman. Gebrek aan 'n behoorlike opvoeding het hom egter ontneem wat hy by geboorte besit. Deur 'n woord, wat uit die mond van God kom, is hy in die lewe geroep; deur nog 'n woord is hy gelei om die Bron van sy opvoeding te herken; deur weer 'n ander woord is sy stand en bestemming beveilig. Die Groot Wese sê: Beskou die mens as 'n myn, ryk aan juwele van onskatbare waarde. Alleen kan opvoeding die skatte daarvan aan die lig laat kom, en die mens in staat stel om voordeel daaruit te trek. As enige mens sou bepeins wat die Geskrifte geopenbaar het, wat van die hemel van Gods heilige Wil gestuur is, sou hy geredelik erken dat hulle doel is dat alle mense beskou moet word as een siel, sodat die seël wat die woorde dra: 'Die Koninkryk sal aan God behoort' op elke hart afgedruk mag word, en die lig van Goddelike milddadigheid, van genade, en van medelye die hele mensdom mag omhul."** [22]

1 Met watter doel is die Profete en Boodskapper van God gestuur? ____________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

2 Wat is die doel wat aan Hulle openbaring ten grondslag lê? ________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

3 Wat beteken die woord 'talisman'? ______________________________________

______________________________________________________________

4 Wat is die gevolg van die gebrek aan 'n behoorlike opvoeding? ______________

______________________________________________________________

5 Wat kan 'n behoorlike opvoeding veroorsaak? ____________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

6 Wat is die Bron van ons opvoeding? _____________________________________

7 Wat is ons bestemming? ________________________________________________

________________________________________________________________________

8 Wat is sommige van die skatte wat opvoeding aan die dag laat kom? _________

________________________________________________________________________

9 Wat erken ons geredelik wanneer ons die Heilige Geskrifte bepeins? _________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

## AFDELING 17

Bahá'u'lláh verklaar:

> **"U het My bowendien gevra oor die staat van die siel ná sy skeiding van die liggaam. Weet waarlik dat, as die siel van die mens in die weë van God gewandel het, dit sekerlik sal terugkeer en opgeraap word tot die heerlikheid van die Beminde. By die regverdigheid van God! Dit sal so 'n hoë staat bereik as wat geen pen kan afbeeld, of tong kan beskrywe nie. Die siel wat getrou aan die Saak van God gebly het, en onwrikbaar vas in Sy Pad gestaan het, sal, ná sy opstyging so 'n krag besit dat al die wêrelde wat die Almagtige geskape het, deur hom bevoordeel sal kan word."**[23]

1 Voltooi die volgende sinne:

a As 'n siel in die weë van God gewandel het, sal dit sekerlik ______________

________________________________________________________________________

b Dit sal 'n staat bereik as wat ________________________________________

_________________

c Die _______ wat ____________ aan die ___________ van ___________ gebly het, en onwrikbaar _____ in ____________ het, sal, ná _______________ so 'n ________ besit dat al die wêrelde wat die ___________ ____________ het, deur hom _____________ sal kan word.

## AFDELING 18

Bahá'u'lláh vertel ons:

> **"Geseënd die siel wat op die uur van skeiding van die liggaam, geheilig is van die ydele verbeeldinge van die volkere van die wêreld. So 'n siel leef en beweeg volgens die Wil van sy Skepper, en betree die allerhoogste Paradys. Die Maagde van die Hemel, die bewoners van die hoogste wonings, sal rondom hom sirkel, en die Profete van God en Sy uitverkorenes sal**

**sy geselskap soek. Met hulle sal daardie siel vrylik gesels, en sal aan hulle verhaal wat dit moes verduur in die pad van God, die Here van alle wêrelde."[24]**

**"Hy behoort die sondaar te vergewe, en nooit sy nederige stand te minag nie, want niemand weet wat sy eie einde sal wees nie. Hoe dikwels het 'n sondaar, wanneer hy op sterwe lê, die wese van geloof bereik, hom vol gedrink van die onverganklike drank, en sy vlug na die hemelse Menigte geneem! En hoe dikwels het 'n vrome gelowige op die uur van die opstyging van sy siel, só verander dat hy in die onderste vuur geval het!"[25]**

1 In watter staat behoort ons siel te wees wanneer dit van die liggaam skei? _____

______________________________________________

2 Wat is 'n paar ydele verbeeldings? ______________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

3 In watter toestand sal 'n siel, wat geheilig is van ydele verbeeldings, ná die dood leef en beweeg? ______________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4 Wie sal die metgeselle wees van so 'n siel? ______________________

______________________________________________

5 Sal so 'n siel met die Profete van God en Sy uitverkorenes kan gesels? ________

6 Weet ons vooruit hoe en wanneer ons aardse lewe sal eindig? _______________

7 Wat kan ons nou doen om die ewige lewe wat vir ons bestem is te bereik? _____

______________________________________________

______________________________________________

## AFDELING 19

'Abdu'l-Bahá verduidelik:

**"Aangesien die gees van die mens vir ewig lewe nadat dit hierdie oorspronklike geraamte afgegooi het, is dit, soos alles wat bestaan, sonder twyfel in staat tot vordering, en só mag 'n mens bid dat 'n heengegane siel mag vorder, vergewe word of die ontvanger word van goddelike gunste, gawes en genade. Daarom word, in die gebede van Bahá'u'lláh vergifnis en kwytskelding van God afgesmeek vir diegene wat opgevaar het na die hiernamaals. Bowendien, net soos mense behoefte het aan God in hierdie wêreld,**

**so ook het hulle behoefte aan Hom in die ander wêreld. Die geskapenes is ewig behoeftig, en God is ewig geheel en al onafhanklik van hulle, hetsy in hierdie wêreld of in die hiernamaals."**[26]

Waarom behoort ons te bid vir die siele van die heengeganes?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

## AFDELING 20

'Abdu'l-Bahá skryf:

> **"Wanneer die menslike siel uit hierdie kortstondige hoop stof sweef en opstyg na die wêreld van God, sal sluiers dan wegval, en waarhede sal aan die lig kom, en alles wat te vore onbekend was, sal helder gemaak word, en verborge waarhede sal begryp word.**
>
> **"Oorweeg hoe 'n wese, in die wêreld van die baarmoeder, doof van oor en blind van oog, en stom van tong was; hoe hy beroof was van enige persepsies hoegenaamd. Maar sodra hy uit daardie wêreld van donkerte na hierdie wêreld van lig gegaan het, het sy oog dan gesien, sy oor gehoor, sy tong gepraat. Op dieselfde manier, sodra hy weg van hierdie sterflike plek gespoed het na die Koninkryk van God, sal hy dan in die gees gebore word; dan sal die oog van persepsie oopgaan, die oor van sy siel sal hoor, en al die waarhede waaroor hy te vore onkundig was, sal duidelik en helder gemaak word."**[27]

1 Vul in die onderstaande leë ruimtes:

a Wanneer die menslike siel hierdie wêreld verlaat, sal

– sluiers dan ______________ ,

– en waarhede ______________________ ,

– en alles wat te vore onbekend was ______________________________ ,

– en verborge waarhede sal _______________________ .

b In die wêreld van die ___________ , was ons _______ van oor, ______ van oog, en ___________ van tong.

c Toe ons in hierdie wêreld gebore is, het ons oog dan ________ , ons oor dan

_______________ en ons tong dan ____________.

d Op dieselfde manier, wanneer ons na die Koninkryk van God gaan, sal ons in die _________________________ .

e Dan sal die oog van ons ____________ ____________ , die oor van ons _____ sal ___________ , en al die ______________ waarvan ons te vore onkundig was, sal ____________ en ___________ gemaak word.

2 Besluit of die volgende stellings waar is:

_____ Wanneer ons in die wêreld van die baarmoeder is, weet ons van hierdie wêreld.

_____ Ons toestand ná die dood is 'n waarheid wat in hierdie lewe vir ons verborge is.

_____ Horisonne, geheel en al nuut, sal voor ons oopgaan ná die dood.

_____ Wanneer ons sterf, keer ons terug na hierdie wêreld om weer gebore te word.

## AFDELING 21

Bahá'u'lláh verklaar:

> **"En nou betreffende u vraag of die menslike siele ná hulle skeiding van die liggaam bewus bly van mekaar. Weet dat die siele van die mense van Bahá, wat die Karmosynrooi Ark binnegegaan het en daarin gevestig is, gemeensaam en vertroulik met mekaar sal omgaan, en so heg verbonde sal wees in hulle lewens, hulle strewe, hulle doelwitte en inspanninge as om soos een siel te wees. Hulle is inderdaad diegene wat goed ingelig is, wat skerpsiende is, en wat bedeeld is met begrip. Aldus is dit bepaal deur Hom Wat die Alwetende, die Alwyse is.**
>
> **"Die mense van Bahá, wat die inwoners van die Ark van God is, is almal sonder uitsondering goed bewus van mekaar se staat en toestand, en is verenig met die bande van gemeensaamheid en kameraadskap. So 'n staat moet egter van hulle geloof en hulle gedrag afhang. Dié wat van dieselfde graad en rang is, is ten volle bewus van mekaar se vermoë, karakter, prestasies en meriete. Dié wat van 'n laer graad is, is egter onbekwaam om die stand van hulle wat bo hulle staan toereikend te begryp, of hulle meriete te beraam. Elk sal sy deel van u Here ontvang. Geseënd die man wat sy gesig tot God gewend het, en standvastig in Sy liefde gewandel het, totdat sy siel sy vlug geneem het tot God, die Soewereine Here van alles, die Kragtigste, die Ewigvergewende, die Albarmhartige."[28]**

1 In die hiernamaals, sal ons mense herken wat ons in hierdie wêreld geken het?

_______________

2 Hoe heg sal die verhouding tussen siele in die komende wêreld wees? ________

________________________________________________________________

3 Waarvan sal verskille en onderskeidings tussen siele in die komende wêreld afhang? ____________________________________________

____________________________________________

4 Sal iemand van Gods genade beroof word? ____________________

## AFDELING 22

Bahá'u'lláh vermaan ons:

> **"O My dienaars! Treur nie, indien in hierdie dae en op hierdie aardse vlak, dinge deur God beskik en geopenbaar is wat in stryd is met julle wense nie, want dae van geluksalige vreugde en hemelse genot staan u sekerlik te wagte. Heilige wêrelde, vol geestelike heerlikheid, sal aan julle oë ontsluier word. Julle word deur Hom bestem om in hierdie wêreld en die hiernamaals, aan hulle voordele deelagtig te word, hulle vreugde te geniet, en 'n deel van hulle sterkende genade te verkry. Julle sal dit alles ongetwyfeld bereik."**[29]

1 Besluit watter van die volgende waar is:

_____ Ons behoort treurig te wees wanneer sake nie na ons sin gaan nie.

_____ Alles, hetsy goed of sleg, is deur God beskik.

_____ Dae van geluksalige vreugde staan ons almal te wagte.

_____ Ons sal sekerlik wêrelde sien wat heilig en geestelik glorieryk is.

_____ Dit is ons bestemming om deelagtig te wees aan die voordele van wêrelde wat heilig en geestelik glorieryk is, in hierdie lewe sowel as in die hiernamaals.

2 Waarom behoort ons nie treurig te wees wanneer dinge gebeur wat in stryd is met ons wense nie? ____________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

3 Watter beloftes maak Bahá'u'lláh vir ons in hierdie passasie? ____________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

## AFDELING 23

In hierdie eenheid het jy oor die betekenis van die menselewe nagedink. Jy het baie geleer oor die aard van die siel, die doel van die lewe in hierdie wêreld, die noodsaak

om geestelike eienskappe te ontwikkel, en die belofte wat aan ons gegee is van ’n ewige lewe, glorieryk en vol vreugde. In die tweede eenheid van die boek, het ons gepraat van ’n tweevoudige doel – om ons eie geestelike en intellektuele groei na te streef en om by te dra tot die transformasie van die samelewing. Hier is ’n geleentheid om terug na daardie konsep te keer en dink oor die betekenis van aandag gee aan altwee aspekte van hierdie doel, in die lig van die insigte wat jy verkry het oor die vordering van die siel. Jou nadenking mag voordeel trek uit ’n bespreking oor die onderstaande temas in jou groep.

*1* *Ontwikkel geestelike eienskappe*

*2* *Gehoorsaam die wette van God*

*3* *Bydra tot die welsyn van die menseras*

*4* *Vorder langs die pad van diens*

## VERWYSINGS


1 Uit 'n praatjie gelewer op 10 November 1911, gepubliseer in *Paris Talks: Addresses Given by 'Abdu'l-Bahá in 1911* (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2006, 2016 druk), no. 29.12–13, bl. 109

2 Uit 'n brief gedateer 1 April 1946 geskryf namens Shoghi Effendi, gepubliseer in *Lights of Guidance: A Bahá'í Reference File* (New Delhi: Bahá'í Publishing Trust, 1988, 2010 druk), no. 1820, bl. 537

3 Uit 'n brief gedateer 28 Julie 2016 geskryf namens die Universele Huis van Geregtigheid

4 'Abdu'l-Bahá, in *Some Answered Questions* (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2014, 2016 druk), no. 66.3, bbl. 352–3

5 Ibid., no. 38.5, bl. 220

6 Uit 'n praatjie gelewer deur 'Abdu'l-Bahá op 9 November 1911, gepubliseer in *Paris Talks*, no. 28.16, bl. 104

7 Uit 'n brief gedateer 31 Desember 1937 geskryf namens Shoghi Effendi, gepubliseer in *Lights of Guidance*, no. 680, bl. 204

8 Bahá'u'lláh, aangehaal in *Inspirering vir die Hart* (Johannesburg: Die Nasionale Geestelike Raad van die Bahá'ís van Suid-Afrika, 1995), bl. 33

9 'Abdu'l-Bahá, in *Some Answered Questions*, no. 61.1–2, bl. 334

10 Bahá'u'lláh, aangehaal in *Inspirering vir die Hart*, bl. 28

11 Ald., bl. 28

12 *Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh* (Wilmette: Bahá'í Publishing Trust, 1983, 2017 druk), CLXV, par. 1–3, bbl. 391–2

13 Bahá'u'lláh, The Hidden Words (Johannesburg: Die Nasionale Geestelike Raad van die Bahá'ís van Suid-Afrika, 1996), Arabies no. 32, bbl. 10–11

14 Uit 'n praatjie gelewer op 6 Julie 1912, gepubliseer in *The Promulgation of Universal Peace: Talks Delivered by 'Abdu'l-Bahá during His Visit to the United States and Canada in 1912* (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2012), bbl. 315–16. (gemagtigde vertaling)

15 Bahá'u'lláh, aangehaal in *Inspirering vir die Hart*, bl. 5

16 Ald., bl. 31

17 *Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh,* CLIII, par. 6, bbl. 370–1

18 Bahá'u'lláh, aangehaal in *Inspirering vir die Hart*, bbl. 10–11

19 *Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh,* XXVII, par. 3, bl. 73

20 Ald., XXI, par. 1, bbl. 54–5

21 Bahá'u'lláh, aangehaal in *Inspirering vir die Hart,* bl. 30

22 *Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh*, CXXII, par. 1, bbl. 293–4

23 Bahá'u'lláh, aangehaal in *Inspirering vir die Hart*, bl. 33

24 Ald., bl. 29

25 Ald., bl. 51

26 'Abdu'l-Bahá, in *Some Answered Questions*, no. 62.3, bbl. 340–1

27 *Selections from the Writings of 'Abdu'l-Bahá* (Wilmette: Bahá'í Publishing, 2010, 2015 druk), no. 149.3–4, bbl. 246–47

28 Bahá'u'lláh, aangehaal in *Inspirering vir die Hart*, bl. 35

29 *Gleanings from the Writings of Bahá'u'lláh*, CLIII, par. 9, bl. 373.